# INSTITUSIONELE FORUM VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS (PU VIR CHO) VIR DIE TYDPERK 1999-2003: 'N KRITIESE EVALUERING

Melvin Diedericks BA, HOD (N) (Voorligting), BA Hons

Skripsie voorgelê ter
gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
Magister in Ontwikkeling en Bestuur
aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

Studieleier: Prof WJ van Wyk
2006
Potchefstroomkampus

**DANKBETUIGING**

Dank en waardering word aan diegene uitgespreek wat tot hierdie mini-verhandeling bygedra het, en in die besonder aan:

- God die Almagtige wat aan my die geleentheid, vermoë, motivering en onderhoud verskaf het om die navorsing te voltooi.
- Prof WJ van Wyk, my studieleier, vir sy leiding, insig en insette. Sonder hom sou hierdie navorsing nie gerealiseer het nie.
- Mnr TP Venter vir sy wye kennis rakende die dinamiek van transformasie.
- My vrou Cathleen vir haar aanmoediging, onbaatsugtige liefde en volgehoue bystand.
- My ma Irene wat nog altyd in my potensiaal geglo het. Dankie vir die opofferinge oor die jare heen sodat ek my beter kon bekwaam.
- My dogter Meeschka (7) vir haar liefde en spraaksaamheid en my seun Ashton (1) vir die vreugde wat hy ons verskaf.
- Al my vriende wat my voortdurend aangemoedig het om te volhard met die studie.

*It's not what we do once in a while that counts, but our habitual actions.*
*What ultimately determines who we become and where we go in life are our decisions.*
*These decisions shape our destiny.*
*Anthony Robbins*

# ABSTRAK

Hierdie studie het gefokus op 'n kritiese evaluering rakende die effektiewe funksionering van die Institusionele Forum aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) in die tydperk 1999 tot 2003.

Die oorgangsfase in Suid-Afrika (gedurende 1990-1994) van 'n apartheidsregering na 'n demokratiese bestel het baie veranderinge teweeg gebring, onder andere 'n transformasie van die hoëronderwyssektor. Die hoëronderwyssektor is 'n unieke sektor wat gekenmerk word deur instellings waar kennis gegenereer word. Die generering van kennis en inligting het noue bande met onafhanklike onderrig en navorsing asook gemeenskapsprojekte. Hoëronderwysinstellings verskil kenmerkend van mekaar, elk met sy eie etos, missie, visie en 'n groot mate van institusionele outonomiteit. Slegs hoër onderwys kan bydra tot navorsing, opleiding van hoogs geskoolde arbeiders, en die ontwikkeling van relevante, gebruiklike inligting om 'n ontwikkelende gemeenskap toe te rus met die kapasiteit om deel te neem in 'n vinnig veranderende nasionale en globale konteks.

As deel van die transformasie van hoër onderwys is institusionele forums in die lewe geroep deur die Minister van Onderwys. Hierdie forums moes bydra om die raad en bestuur van instellings te adviseer oor 'n aantal sake, soos gestipuleer in die Wet op Hoër Onderwys, 1997, artikel 31(1)(2)(3).

Hoëronderwysinstellings het egter heelwat verskil ten opsigte van die manier waarop hulle die vestiging en funksionering van die forums geïnterpreteer het. Van die forums het 'n identiteitskrisis beleef in hul pogings om vir hulself 'n plek te definieer binne die beheer- en bestuurstelsel van hoër onderwys. Forums is nie as hoogs effektief geëvalueer nie, deurdat van die hoëronderwysinstellings steeds die beginsel van samewerkende beheer en bestuur geïgnoreer het. 'n Wanbalans in lidmaatskap is binne die forums ondervind en lede het grotendeels uit vakbonde bestaan. Soortgelyke

probleme (in die mini-verhandeling word daar eerder na *probleme* as *vraagstukke* verwys omdat die term *probleem* 'n algemene term in die hoër onderwys is) is ook by die PU vir CHO ondervind.

Voorvermelde probleme het daartoe gelei dat die volgende aspekte ondersoek is:

- Wat het transformasie in die hoëronderwyssektor behels?
- Wat het die Hoëronderwyswet (No. 101 van 1997) presies bepaal oor die rol wat Institusionele Forums (IF's) moes speel in transformasie van die hoëronderwyssektor voor 2003 en hoe is dit aan die PU vir CHO geïnterpreteer?
- Het die Institusionele Forum aan die PU vir CHO in sy doel geslaag om transformasie gedurende die tydperk 1999 tot 2003 aan te moedig?

Hierdie aspekte is binne die omvang van 'n mini-verhandeling ondersoek.

## ABSTRACT

This study has focused on a critical evaluation of the effective functioning of the Institutional Forum at the Potchefstroom University for Christian Higher Education (PU for CHE) during the period 1999 to 2003.

The transition of South-Africa (during 1990-1994) from an apartheid government to a democratic state has brought about many changes, including the transformation in the higher education sector. The higher education sector is a unique sector, typically consisting of institutions where knowledge is generated. The generation of knowledge and information has strong ties with independent teaching and research as well as community projects. Higher education institutions differ remarkably from each other, and each has its own ethos, mission, vision and institutional autonomy. Only higher education can contribute to research, training of highly skilled workers and the development of relevant, useful information to afford developing communities the capacity to participate in a fast changing national and global context.

As part of the transformation of higher education, institutional forums were established by the Minister of Education. These forums had to contribute to the council and management of institutions, to advise them on a number of issues as stipulated in the Higher Education Act, 1997, section 31 (1)(2)(3).

Higher education institutions, however, interpreted the establishment and functioning of forums in different ways. Some of the forums experienced an identity crisis in their endeavours to define a place for themselves in the governance structure of higher education. Forums were not regarded as highly effective because some of the higher education institutions still ignored the principle of cooperative governance. An imbalance was experienced with regard to membership within the forums, and membership consisted to a large extent of union representatives. Similar problems were experienced at the PU for CHE. (In this mini-dissertation there are referred to *problems* rather than *issues* because the term *problem* is a general acknowledged term in the higher education context.)

The above-mentioned problems led to the research of the following aspects:

- What did transformation in higher education entail?
- What did the Higher Education Act (Nr. 101 of 1997) exactly determine with regard to the role that Institutional Forums should play in the transformation of the higher education sector before 2003 and how was it interpreted at the PU for CHE?
- Did the Institutional Forum at the PU for CHE succeed in its goal to motivate transformation during the period 1999 to 2003?

These aspects are investigated within the capacity of this mini-dissertation.

**INSTITUSIONELE FORUM VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS (PU VIR CHO) VIR DIE TYDPERK 1999-2003: 'N KRITIESE EVALUERING**

## INHOUDSOPGAWE


DANKBETUIGING i

ABSTRAK ii

ENGELSE OPSOMMING iv

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING**

1.1 ORIËNTASIE EN PROBLEEMSTELLING 1
1.2 DOELWITTE MET DIE STUDIE 3
1.3 HIPOTESE 4
1.4 METODOLOGIE 4
1.4.1 Literatuur 4
1.4.2 Metode 5
1.5 ORGANISERING VAN MINI-VERHANDELING 5

**HOOFSTUK 2**

**TRANSFORMASIE EN DIE HOËRONDERWYSSEKTOR**

2.1 INLEIDING 7
2.2 DIE BEGRIPPE *TRANSFORMASIE* EN *VERANDERING* 8
2.3 TRANSFORMASIE BINNE DIE HOËRONDERWYSSEKTOR IN SUID-AFRIKA 12
2.3.1 Onderrig 13
2.3.2 Navorsing 13
2.3.3 Gemeenskapdiens 14
2.4 GESKIEDENIS VAN ONDERWYS GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA IN SUID-AFRIKA 14
2.5 TRANSFORMASIE VAN DIE HOËRONDERWYSSEKTOR IN SUID-AFRIKA VIR DIE TYDPERK 1993-2003 16
2.5.1 Rol van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NCHE) m.b.t. transformasie van hoër onderwys 18

2.5.2 Aanbevelings van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NCHE) 20

2.6 BELANGRIKE ROLSPELENDE KRAGTE IN DIE DRYF VAN TRANSFORMASIE EN BESTUUR IN HOËR ONDERWYS 25

2.6.1 Politiek en studente-aktivisme 25

2.6.2 Verhoogde vraag na universiteitstoelating, demokratisering en opvoedkundige verbreding 26

2.6.3 Finansiële posisie van hoëronderwys 27

2.6.4 Veranderende rol van die regering 28

2.7 SAMEVATTING 29

**HOOFSTUK 3**

**WETGEWING EN TRANSFORMASIE IN DIE HOËRONDERWYSSEKTOR EN DIE ONTSTAAN VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM AAN DIE PU VIR CHO**

3.1 INLEIDING 30

3.2 DIE BELEIDSONTWIKKELINGSPROSES VIR HOËR ONDERWYS IN SUID-AFRIKA VANAF 1990 – 2003 31

3.2.1 Die Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA Wet No. 58 van 1995), die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NQF), en Kwaliteitsversekering in Suid-Afrika 33

3.2.2 1997 Witskrif No. 3 vir Hoër Onderwys 34

3.2.3 Wet op Hoër Onderwys (no. 101 van 1997) 35

3.2.4 Vestiging van institusionele forums deur die Wet op Hoër Onderwys (No 101 van 1997) 36

3.3 TOTSTANDKOMING VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS 39

3.4 SAMEVATTING 43

**HOOFSTUK 4**

**EMPIRIESE NAVORSING: GEÏDENTIFISEERDE PROBLEME MET BETREKKING TOT DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM AAN DIE PU VIR CHO**

4.1 INLEIDING 44

4.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE WAT GEVOLG IS 45

4.2.1 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing 46

4.2.2 Doel met kwalitatiewe navorsing 47

4.3 VERSAMELING VAN DATA 48
4.3.1 Observasie 48
4.3.2 Ontleding van amptelike dokumente/rekords 49
4.3.3 Onderhoude 49
4.4 IDENTIFISERING VAN PROBLEME WAT DIE IF ERVAAR HET 50
4.4.1 Hoe probleme geïdentifiseer is 50
4.4.2 Identifisering van subprobleme 50
4.5 PROBLEME WAT GEÏDENTIFISEER IS RAKENDE DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE FORUM BY PUK 51
4.5.1 Gebrek aan erkenning deur bestuur en raad 52
4.5.2 Gebrek aan volgehoue kwalitatiewe bydrae tot besluitnemingsprosesse 52
4.5.3 Gebrek aan motivering van forumlede 53
4.5.4 Gebrekkige tydperk vir die neem van besluite 53
4.5.5 Gebrek aan administratiewe ondersteuning 53
4.5.6 Posisie van die voorsitter 54
4.5.7 Menseregtemoniteringsfunksie struktureel weggeneem 54
4.5.8 Gebrekkige deelname van die forum met betrekking tot die samesmeltingsproses 54
4.6 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS EN POPULASIE 56
4.7 EMPIRIESE STUDIE EN BEVINDINGE 57
4.7.1 AFDELING A: PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE 58
4.7.2 AFDELING B: PROBLEME RAKENDE DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM 60
4.7.3 BREë GEVOLGTREKKING 67
4.7.4 AFDELING C: PROBLEME WAT DEUR DIE RESPONDENTE GEÏDENTIFISEER IS 68
4.8 SAMEVATTING 69

**HOOFSTUK 5**

**SAMEVATTING EN BEVINDINGE**

5.1 INLEIDING 70
5.2 OPSOMMING VAN DIE STUDIE 70
5.3 SAMEVATTING 72
5.4 TOETS VAN DIE ALGEMENE HIPOTESE 74
5.5 AANBEVELINGS 74

**BIBLIOGRAFIE** 77

**DIAGRAMME**

Diagram 3.1: Vier interne strukture van die beheer- en bestuurstruktuur van hoër onderwys in Suid-Afrika (CHET, 2000:31) 38

Diagram 3.2: Samestelling van die Institusionele Forum op 28 Julie 1999 volgens paragraaf 48 van die statuut van die PU vir CHO (PU vir CHO, 1999:3) 42

**BYLAAG A: VRAELYS**

# INSTITUSIONELE FORUM VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS (PU VIR CHO) VIR DIE TYDPERK 1999-2003: 'N KRITIESE EVALUERING

## HOOFSTUK 1 INLEIDING

### 1.1 ORIËNTASIE EN PROBLEEMSTELLING

Gedurende die negentigerjare van die vorige eeu het alle Suid-Afrikaanse universiteite en technikons met nuwe beheerstrukture geëksperimenteer om sodoende meer toegang en insae tot besluitneming rakende transformasie te verkry. Dit moes die simbolisme van groter samewerking, in lyn met sosiopolitieke omstandighede in die breë gemeenskap, beklemtoon. Die meeste van hierdie nuwe beheerstrukture het bekend geword as Breë Transformasieforums (BTF's). Die Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997) het mettertyd hierdie Breë Transformasieforums in die hoëronderwyssektor uitgespel as institusionele forums (IF's).

Die IF's word in die Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997, Artikel 31(1)(a)) as adviserende liggame beskryf wat advies aan die raad van 'n hoëronderwysinstelling moet lewer ten opsigte van die volgende sake:

(i) die implementering van die Wet en nasionale beleid op Hoër Onderwys;

(ii) beleid oor ras- en geslagsregverdigheid;

(iii) die keuring van kandidate vir senior bestuursposisies ;

(iv) gedragskodes; mediasie en dispuut oplossing prosedures; en

(v) die aanmoediging en uitbouing van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte bevorder en 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en studie skep.

Die Minister van Onderwys het die institusionele forums in 1997 gekonstitueer om institusionele verandering teweeg te bring en om transformasie aan te moedig. Voormelde doelwit het egter nie te alle tye in die praktyk beslag gevind nie en institusionele forums het sekere probleme ervaar wat hul werksaamhede nadelig beïnvloed het. (Die meer erkende term *vraagstuk* in Publieke Administrasie word nie in

hierdie mini-verhandeling gebruik nie omdat hoëronderwysinstellings die term *probleem* gebruik.) Die institusionele forum wat in 1999 by die gewese Potchefstroomse Universiteit vir Hoër Onderwys ingestel was, was nie 'n uitsondering nie, en die forum is gekonfronteer met probleme wat werksaamhede bemoeilik het.

Die vernaamste probleem was oënskynlik dat daar 'n gebrek aan erkenning deur die Universiteitsraad en –bestuur ten opsigte van die rol en bestaansreg van die IF binne die universiteit was. (Waar *Universiteit* in hierdie studie spesifiek na die PU vir CHO verwys, word dit met 'n hoofletter geskryf.) Dit kon beteken dat die IF in 'n vakuum opereer het. Dit blyk ook dat daar onder andere nie in amptelike dokumentasie (behalwe die Statuut van die PU vir CHO) na die IF verwys is nie en dat daar nie melding van die bestaansreg van die IF in die jaarboek en webblaaie van die PU vir CHO gemaak is nie (www.puk.ac.za). Alhoewel die rol van institusionele forums duidelik in die Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997) volgens Artikel 31(1)(a),(b) en (c) beskryf is, het dit in die praktyk gebeur dat die rol van die IF by die PU vir CHO misken is en gevolglik nie sy mandaat, soos in die Wet op Hoër Onderwys uiteengesit, kon volvoer nie.

Voormelde het daartoe gelei dat die IF, as adviserende liggaam aan die Raad en bestuur, nie met die nodige administratiewe basis deur die Universiteit toegerus is om sy rol effektief uit te voer nie. Die lede van die IF het vrywillig in die liggaam gedien en het ondervind dat daar nie 'n effektiewe sekretariële funksie geskep is nie en dat 'n administratiewe onderbou nie bestaan het om groot projekte te kon onderneem nie. Die miskenning van 'n administratiewe basis het weereens daarop gewys dat die IF se rol in transformasie nie deur die Universiteit erken is nie (IF, 1999-2003).

Die IF is ook nie by beleidbepaling van relevante beleid betrek nie en beleid is deur die Raad neergelê sonder dat die IF in sommige gevalle insette kon lewer. In hierdie verband is beleid oor diversiteit, gelykheid en menseregte bepaal sonder die insette van die IF, alhoewel hierdie sake direk op die terrein van die IF geval het. Die IF is gewoonlik oor beleid gekonsulteer nadat dit reeds goedgekeur is. In sekere gevalle het die IF uit eie inisiatief advies aan die Raad gelewer oor transformasiesake, maar daar is ervaar dat daar nie op sodanige advies gereageer is nie en dat daar in baie gevalle selfs nie terugvoer rakende hierdie advies aan die IF gelewer is nie (IF, 1999-2003).

Voormelde probleme het daartoe gelei dat die IF oënskynlik nie tot sy volle potensiaal binne die universiteitstruktuur aangewend is nie. Dit kon direk daartoe aanleiding gegee het dat transformasie en aangeleenthede rondom transformasie nie sinvol deur die Universiteit aangespreek is nie. Die afleiding kan selfs gemaak word dat die Universiteit in die tydperk 1999 tot 2003 nie erns met transformasie gemaak het nie (IF, 1999-2003). Daar moet egter daarop gewys word dat bogenoemde geïdentifiseerde probleme grotendeels op persepsies kon gerus het, en hierdie studie is gevolglik onderneem om met meer objektiewe bevindings vorendag te kom.

Die leidende navorsingsvraag wat gevra kan word is: *Het die IF aan die PU vir CHO effektief funksioneer en is die nodige strukture in plek gestel om transformasie, soos in wetgewing uiteengesit, te bevorder?*

Dit gee aanleiding tot die volgende vrae wat deur grondige navorsing beantwoord sal moet word:

- Wat is transformasie in die hoëronderwyssektor?
- Wat het die Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997) presies bepaal oor die rol wat IF's moes speel in transformasie in die hoëronderwyssektor voor 2003 en hoe is dit geïnterpreteer aan die PU vir CHO?
- Het die Institusionele Forum aan die PU vir CHO in sy doel geslaag om transformasie aan te moedig gedurende die tydperk 1999 tot 2003?

Voormelde vrae kan uit die aard van die saak 'n omvattende studie ontlont, maar moet in hierdie studie binne die konteks en beperkinge van 'n mini-verhandeling gelees word.

## 1.2 DOELWITTE MET DIE STUDIE

Die doelwit van hierdie studie is om te bepaal:

- wat transformasie binne hoëronderwyssektor behels;
- wat die Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997) bepaal het oor die rol wat IF's moes speel in transformasie in die hoëronderwyssektor voor 2003 en hoe dit geïnterpreteer is aan die PU vir CHO; en
- of die Institusionele Forum aan die PU vir CHO in sy doel geslaag het om transformasie aan te moedig gedurende die tydperk 1999 tot 2003.

## 1.3 HIPOTESE

Die volgende hipotese word geformuleer vir hierdie studie:

- Die Institusionele Forum aan die PU vir CHO het in die tydperk 1999 tot 2003 nie ingevolge die Wet op Hoër Onderwys tot sy volle potensiaal gefunksioneer nie en het dus nie 'n substantiewe bydrae tot transformasie gemaak nie.

## 1.4 METODOLOGIE

Die volgende metodologie is gevolg om die studie te onderneem:

### 1.4.1 Literatuur

Die volgende databasisse is vir die doel van hierdie studie geraadpleeg:

a) Katalogus van verhandelinge en mini-verhandelinge by Suid-Afrikaanse universiteite.

b) Katalogus van boeke: Ferdinand Postma Biblioteek (PU vir CHO).

c) Webwerf van die Nasionale Regering vir alle relevante wetgewing op transformasie.

d) Verskillende soekenjins en databasisse.

Genoegsame bronne rakende die onderwerp is gevind en geraadpleeg ten einde te verseker dat 'n studie van hierdie omvang (mini-verhandeling) met sukses onderneem kan word. Die nexus-databasis is ook geraadpleeg om onder andere te bepaal of navorsing aangaande hierdie onderwerp al onderneem is.

### 1.4.2 Metode

Daar is in hierdie navorsing van analitiese studie metodes gebruik gemaak om die institusionele verandering wat in die herstrukturering van die hoër onderwys plaasvind, te ondersoek. Literatuur en artikels oor transformasie, ongepubliseerde notules van die Institusionele Forum van die PU vir CHO, koerant- en tydskrifartikels, regeringsbeleid en die Staatskoerant is as primêre bronne gebruik. Volle toegang tot alle Universiteitsdokumentasie rakende die IF is verkry. Onderhoude is met oudlede van die Institusionele Forum gevoer ten einde interpretasie van data te maak.

Gestruktureerde vraelyste is ook aan voormalige lede (22 in getal) van die Institusionele Forum vir die tydperk 1999 tot 2003 voorsien om onder andere te bepaal hoe hulle die

bydrae van die IF tot substantiewe transformasie ervaar het. Die volle metodologie wat gevolg is om hierdie studie te onderneem word in Hoofstuk vier beskryf.

## 1.5 ORGANISERING VAN MINI-VERHANDELING

Die mini-verhandeling is soos volg in verskillende hoofstukke ingedeel:

### HOOFSTUK 1: ORIëNTASIE EN PROBLEEMSTELLING

Die motivering, probleemstelling, navorsingsvrae en doelwit van die studie word uitgespel en die metode van die studie word aangedui. Die hipotese vir die studie word ook gestel.

### HOOFSTUK 2: TRANSFORMASIE EN DIE HOëRONDERWYSSEKTOR

'n Teoretiese onderbou van die terme transformasie en verandering binne die hoëronderwyssektor word verskaf. 'n Uiteensetting van die geskiedenis van onderwys en hoër onderwys in Suid-Afrika word gemaak om die proses te illustreer en te beskryf hoe hierdie geskiedkundige gebeure inpas by die huidige transformasie proses van hoër onderwys. Hoër onderwys se tipiese karakter, missie, waardes en onderskeidende kenmerke word aangestip.

### HOOFSTUK 3: WETGEWING EN TRANSFORMASIE IN DIE HOëRONDERWYSSEKTOR

Daar word in hierdie hoofstuk gekyk na die wetgewing wat die hoëronderwyssektor gedryf het vir die periode 1999 tot 2003. Die prioriteite van die nasionale regering is aan die hand van wetgewing en beleidsdokumente bepaal. Wetgewing en beleid word beskou as die belangrikste uitspraak van die regering. Die stigting en vestiging van die IF aan die PU vir CHO word in hierdie hoofstuk ondersoek, omdat die stigting nou verband hou met wetgewing. Die vestiging van institusionele forums binne die Suid-Afrikaanse hoëronderwyslandskap het nuwe uitdagings na vore gebring. Institusionele forums is adviserende liggame met die doelstelling om waarde aan die proses van verandering by hoëronderwysinstellings teweeg te bring.

**HOOFSTUK 4: EMPIRIESE NAVORSING: GEÏDENTIFISEERDE PROBLEME MET BETREKKING TOT DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM AAN DIE PU VIR CHO**

Probleme wat deur die navorser geïdentifiseer is rakende die werksaamhede van die IF aan die PU vir CHO, is in hierdie hoofstuk bespreek en ondersoek. Onderhoude is met oudlede van die Forum met behulp van gestruktureerde vraelyste onderneem. Hierdie onderhoude het gehelp om te bepaal hoe die respondente die waarnemings en studie van die navorser ervaar en tot in watter mate hulle dit ondersteun.

**HOOFSTUK 5: SAMEVATTING**

Aanbevelings en 'n samevatting van die bevindinge van die studie word in hierdie hoofstuk voorsien.

# HOOFSTUK 2

# TRANSFORMASIE EN DIE HOËRONDERWYSSEKTOR

## 2.1 INLEIDING

Die oorname van bewind deur die ANC (African National Congress) in 1994 het tot gevolg gehad dat daar met 'n transformasieproses op alle samelewingsvlakke in die Suid-Afrikaanse gemeenskap begin is. Die hoëronderwyssektor is ook as gevolg van hierdie transformasieproses beïnvloed. Die hoëronderwyssektor is 'n unieke sektor wat gekenmerk word deur instellings waar kennis gegenereer word en hierdie kennis word deur professionele akademici aan studente oorgedra. Hoër onderwys verskil kenmerkend van ander vlakke van onderwys. Fourie (1996:16) wys daarop dat hoër onderwys deur 'n diverse reeks instellings aangebied word, elk met sy eie etos, missie, visie en 'n groot mate van institusionele outonomiteit. Die kliënte van hoër onderwys is mense (leerders) wat die instellings vrywillig bywoon om hulself voor te berei om hul onderskeie beroepe met sukses te beklee.

Hoër onderwys het ook noue bande met onafhanklike onderrig en navorsing, gemeenskapsprojekte en 'n keuse met die generering van kennis en inligting vir eie gebruik. Skoolopvoeding het die taak om gemeenskaplike waardes en norme aan die groeiende generasie oor te dra om hulle sodoende vir volwassenheid voor te berei, terwyl hoër onderwys ontwikkeling en verandering in die samelewing krities evalueer. Hoër onderwys behels verder die lewering van persone wat leiding kan neem, nuwe kennis kan produseer, ou probleme kan evalueer en nuwe maniere bedink om hierdie ou probleme te benader. Dit het die taak om mense voor te berei om verder as die huidige te streef en te kan reageer op 'n toekoms wat nie tans besef word nie.

Hoër onderwys verander voortdurend: nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld word die afgelope dertig jaar veranderinge ervaar. Hierdie verandering spruit voort uit veranderde lewenstyle, nuwe tegnologie en kulture. Dit is dus belangrik dat hoëronderwysinstellings voortdurend met verandering en nuwe tegnologiese idees tred moet hou; soveel te meer in Suid-Afrika, waar die veranderinge die afgelope tien jaar buitengewoon intensief was.

Fourie (1996: 210) dui aan dat 'n verslag deur 'n Kommissie van Ondersoek binne Universiteite die funksie van universiteite (hoër onderwys) soos volg ontleed het, naamlik:

- Om leer te verbeter deur onderrig en navorsing;
- Om studente op te voed en te slyp deur ontwikkeling van hulle gawes en talente en inlywing van sekere kwaliteitskaraktertrekke;
- Om studente voor te berei om 'n beroep te beoefen;
- Om aan studente kultuur en 'n algemene standaard van burgerskap oor te dra; en
- Om die akademiese karakter van intellektuele aktiwiteit in die veld van politiek te behou.

Voormelde funksies kan nou gekoppel word aan transformasie en verandering, wat dit noodsaak dat die begrippe in meer detail ontleed word.

## 2.2 DIE BEGRIPPE *TRANSFORMASIE* EN *VERANDERING*

*Transformasie* en *verandering* het gebruiklike terme binne die hoëronderwyssektor in die Suid-Afrikaanse konteks geword. Verklarings van die terme is dus noodsaaklik vir die doel van hierdie studie sodat die betekenis daarvan ten volle begryp kan word. *Verandering* en *transformasie* moet volgens Venter (aangehaal deur Sekoane 2000:17) nie met mekaar verwar word nie aangesien dit twee afsonderlike prosesse is. Transformasie is 'n voorvereiste vir verandering om plaas te vind, terwyl verandering die fisiese metode is om dinge te verander. Transformasie behels ook die voorbereiding van die gedagtegang om sodoende verandering te fasiliteer.

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (2000:1173 & 1240) verskaf die volgende definisies van die terme:

- **Transformasie** is 'n gedaanteverandering of oorbring in 'n ander vorm; en
- **Verandering** is die proses of handeling om te verander.

Transformasie is ook nie 'n doelwit op sigself nie, maar het as doelwit 'n verbeterde, meer geregverdige en 'n meer toegeruste gemeenskap. Wanneer die gemeenskap byvoorbeeld transformeer van die ongeregtigheid van die hede na 'n meer regverdige

en onpartydige gemeenskap, reageer mense op 'n toekoms wat graag bereik wil word deur 'n aaneenlopende proses van heroorweging. Die werklike reaksie is 'n proses van verandering van een vorm na 'n ander.

Volgens Bitzer en Bezuidenhout (2001:33) is dit egter moeilik om inhoud toe te ken aan die begrip *transformasie* ten opsigte van die hoëronderwyssektor in Suid-Afrika omdat 'n neutrale, objektiewe en algemeen geldende interpretasie van die term ontwyk. Die begrip word nie "onskuldig" of waardevry gebruik nie, maar is gelaai met allerlei persoonlike, emosionele, politiese of selfs ideologiese skakeringe. Hoewel die woord *transformasie* oorwegend positief geïnterpreteer moet word, word daar negatiewe konnotasies hieraan geheg en is dit selfs 'n skeldwoord vir sommige vanweë die verandering wat hiermee gepaard gaan. Transformasie bring inderdaad radikale verandering mee wat in sommige gevalle nie deur alle betrokke partye binne die hoëronderwyssektor positief ervaar word nie. Transformasie kan derhalwe vir sommige mense 'n positiewe ervaring meebring terwyl dit vir ander 'n negatiewe ervaring sal wees. Uit die aard van die saak kan dit tot konflik tussen die twee groepe lei – iets wat in onder andere die hoëronderwyssektor voorkom.

Fourie (1996: 45) wys daarop dat transformasie 'n deeglike en dramatiese verandering in instellings impliseer, wat somtyds veroorsaak word as gevolg van opstandigheid binne die instelling of meer gereeld in sy eksterne omgewing. Transformasie het 'n meer fundamentele en diep gewortelde herstruktureringsproses tot gevolg. 'n Metamorfose word as't ware ondergaan tydens transformasie wat soms ook aanleiding gee tot die herdefiniëring van waardes en organisasie kulture. Transformasie impliseer daarom meer as kosmetiese verandering, oëverblindery of strategiese skuiwe. Dit is 'n morele imperatief wat gedryf word deur die wil tot verandering en wat letterlik beteken om die ou manier van dinge te doen af te skaf en 'n breër definisie van realiteit aan te neem.

Reddy (1992:19) wys 'n aantal praktiese implikasies van transformasie uit, en noem dat dit die volgende behels:

- 'n substantiewe en betekenisvolle graad van algemene samewerking met toonaangewende inisiatief;
- 'n bemagtiging van die magtelose;
- adressering van ras- en geslagsongelykheid;

- die herorganisering van magsverhoudinge; en
- 'n groter fokus op algemene belange as op spesifieke belange.

Reddy (1992:20) deel ook mee dat die proses van transformasie binne die hoëronderwyssektor besonders belangrik is en dat die volgende areas interafhanklik van mekaar is, naamlik dat::

- daar 'n kultuur van demokrasie moet geld;
- strukture van universiteitsrade krities is aangesien verandering deur die rade gemaak moet word;
- inklusiwiteit ("inkoop") van alle rolspelers binne 'n universiteit belangrik is om te help met die transformasie proses. Die volgende rolspelers moet almal betrek word, naamlik die raad, senaat, akademiese en ondersteuningspersoneel, studenterade, vakbondverteenwoordigers, alumni, konvokasie, besigheidsverteenwoordigers, donateurs, en gemeenskapsleiers;
- navorsing en onderrig 'n ewe belangrike rol moet speel tydens verandering; en
- klem moet veral op gemeenskapsaktiwiteite gedurende die transformasie proses geplaas word.

Raubenheimer, aangehaal deur Sekoane (2000:17), maak 'n duidelike onderskeid tussen verandering en transformasie. Volgens hom is verandering:

- fisies;
- eenvoudig;
- tydspesifiek;
- iets wat ekstern buite die individu plaasvind; en
- iets wat gewoonlik onderskryf word deur beleid.

Transformasie, daarenteen:

- is kompleks;
- betrek individue;
- benodig buitengewone vaardighede en reoriëntasie;
- benodig meer tyd as wat beskikbaar is;
- het nie 'n finale teks nie; en

- vereis 'n proses.

Volgens Human (1998: 23) vereis transformasie buitengewone pogings en insig omdat dit dikwels as onnatuurlik ervaar word deur diegene wat daardeur geraak word. Transformasie stuit teen die mens se psigologiese en sosiale ingesteldheid omdat die mens 'n wese/skepsel van habitat is. Die onus rus gevolglik as't ware op diegene wat die samelewing wil transformeer om dienooreenkomstig op te tree. Transformasie vereis 'n spesiale kaliber van leiers ten einde suksesvol te kan wees. Hierdie leiers moet die swaar las dra om die toekoms te verander en op hierdie manier transformasie in effek te bring. Hulle kan strek van persone in die politiek, beskaafde gemeenskap, universiteite, vakbond verteenwoordigers, geskoolde arbeiders, besigheidspersone tot gemeenskapsleiers.

Verandering vind stadig maar seker plaas en is ook permanent. Die omgewing waarin ons opereer vereis van ons konstante aanpassing om te kan oorleef. Verandering bring ook nuwe geleenthede na vore en vereis dat ou strukture deur nuwes vervang moet word om sodoende 'n beter diens te kan lewer (Human,1998: 13).

Sekoane (2000: 23) wys daarop dat die Breë Transformasieforum van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in 1997 die volgende definisie verskaf het van transformasie in sy raamwerk vir transformasie, naamlik dat dit 'n proses is waarby alle aspekte van die universiteit geherevalueer word en waar nodig geherstruktureer word om sodoende die funksionaliteit van die hoëronderwysinstelling asook navorsing binne 'n veranderende en internasionale omgewing te verhoog, terwyl die fundamentele aard van die universiteit onderhou word.

Khotseng, soos aangehaal deur Fourie (1996: 244), verduidelik dat transformasie nie vanself gebeur nie: relevansie, transformasie, politieke korrektheid en uitnemendheid in onderwys is nie vanselfsprekend nie, maar is die gevolg van bewuste volgehoue strewe wat breedvoerig beplan moet word. So behoort die transformasie van beheer- en bestuurstrukture 'n inklusiewe proses van onderhandeling en beraadslaging te wees om die goeie na te streef in hoër onderwys en instellings daarvan.

Ter samevatting van bogenoemde definisies/verklarings kan die gevolgtrekking gemaak word dat transformasie van die hoëronderwyssektor in Suid-Afrika nie sonder stampe

en stote gepaard sal gaan nie. Dit is inderdaad 'n moeilike proses om te transformeer en te verander. Om die rigting van verandering in die toekoms te bepaal, is ewe moeilik. Dit is egter belangrik om nie die morele basis van onderwys te verwaarloos tydens 'n transformasieproses nie en om ook genoegsame erkenning te gee aan die verskeidenheid van kulture binne die hoëronderwyssektor. Die belangrike rol en die impak wat 'n tersiêre instelling speel in die omgewing waarin dit geleë is, moet ook nooit uit die oog verloor word nie.

## 2.3 TRANSFORMASIE BINNE DIE HOËRONDERWYSSEKTOR IN SUID-AFRIKA

Transformasie binne die hoëronderwyssektor is 'n aaneenlopende proses wat in Suid-Afrika sy oorsprong vind in die politieke stryd wat reeds gewoed het voor die vrylating van Nelson Mandela in 1990. In Suid-Afrika het die fundamentele verandering in die politieke sisteem, magsgroepe, sosio-ekonomiese en kulturele veranderinge grootliks 'n rol gespeel in die veranderde hoëronderwyssektor (Fourie, 1996: 204).

Om tans 'n universiteit te transformeer, in post-apartheid Suid-Afrika, is 'n uitdaging. Universiteite wêreldwyd het hul fokus verskuif van dissiplinêre of fokus gerigte navorsing na probleemoplossingsvaardighede. Dit spruit voort uit die groeiende nood vir sosiale relevansie en toerekenbaarheid. Universiteite beleef teenswoordig groter uitdagings wat betref hul deelnemendheid en relevansie tot sosiale/gemeenskaplike nood en betrokkenheid. Daar word derhalwe van universiteite verwag om interaktief betrokke te wees met die gemeenskap om sodoende die gaping tussen universiteite en die gemeenskap te verklein. Universiteite moet interaktief betrokke wees met onder andere ouers, onderwysers, skoolhoofde, gemeenskapsleiers, die jeug, besigheidsleiers, gemeenskapsprojekte en die gewone burger op straat (Waghid, 2002: 459).

Transformasie in hoër onderwys behels dus meer as 'n proses van kennis generering, reflektiewe aksie wat beteken om nuwe probleme te sien en nuwe maniere te vind om ou probleme op te los. Gedurende transformasie kan ook geen korrekte projeksie gemaak word van die toekoms in die lig van huidige en vroeëre sosiopolitieke ontwikkelinge nie. Volgens Waghid (2002: 459) behels transformasie in hoër onderwys meer as net byvoeging tot studente se kennis basis, vaardighede en potensiaal. Transformasie verwys na voortgaande verandering en die manier waarop opvoeders en

studente hulle skaar tot die generering van kennis en vaardighede in 'n breër konteks. By implikasie is transformasie daarom bemagtiging van diegene wat betrokke is in hoër onderwys, om kritiese denke te ontwikkel van studente en opvoeders om sodoende self gemotiveerd, rasioneel en refleksief te raak.

Tydens die transformasie van hoër onderwys is dit belangrik om nie tred te verloor met die tradisionele missie van hoër onderwys nie, naamlik die verskaffing van onderrig, ondersoeke na navorsing en lewering van gemeenskapsdiens. Hierdie drie funksies speel 'n belangrike rol om die doel en funksionaliteit van die instelling te help definieer en toekomsvoorneme uit te wys. Elk word kortliks bespreek.

### 2.3.1 Onderrig

Die oorspronklike missie van universiteite, tydens hul ontstaan, was om onderrig te gee. Navorsing het egter later ook 'n belangrike komponent geword. Onderrig word as basis gebruik om 'n diens aan studente te lewer met behulp van onderwys en moet bydra om vermoëns, houding, menslike hulpbronne en vaardighede te help ontwikkel en die individuele student voor te berei vir betekenisvolle aanwending in die ekonomie van die land. 'n Student se kognitiewe leer, emosionele en morele ontwikkeling, praktiese kompetensie en direkte bevrediging word deur onderrig ontwikkel. Die ontwikkeling van nuwe tegnologie en die verhoogde aanvraag na hoëronderwysonderrig in Suid-Afrika (soos ook wêreldwyd) beteken dat direkte kontak met studente sal afskaal, en videokonferensies en -fasilitering sal meer gebruik word. Onderrig dra by tot die transformering van hoër onderwys deur interaksie tussen dosent en student waartydens idees uitgeruil en bespreek word.

### 2.3.2. Navorsing

Navorsing is 'n belangrike en integrale deel van akademici se werkslas en onskeibaar van die totale onderrigproses. Goeie navorsing lei tot beter onderrig en kennisgenerering. Dit verbreed ook die dosent se kennis rakende sy vakgebied. Hoëronderwysinstellings het 'n oneindige soeke na waarheid en kennis en strewe in die doel om waardes en idees te vorm en te versprei. Hierdie doelwit kan alleenlik bereik word deur navorsing en verspreiding van resultate rondom onderwys en publieke debat.

### 2.3.3 Gemeenskapsdiens

Hoëronderwysinstellings se fokus is nie slegs op onderrig en navorsing nie maar sluit ook gemeenskapsdiens in. Gemeenskapdiens deur die hoëronderwyssektor het die akademiese professie verskuif na 'n belangrike posisie in die hedendaagse samelewing en daarmee saam nuwe uitdagings en probleme teweeg gebring. Die diens het meegebring dat die gaping tussen universiteite en gemeenskappe verklein en ook die siening verswelg dat universiteite slegs vir die elite in die gemeenskap is (Fourie, 1996: 23-26).

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking en verklaring van transformasie en verandering binne die hoëronderwysstelsel is dit belangrik om 'n blik te werp op die geskiedenis van onderwys gedurende die apartheidsera, omdat dit die fondasie gelê het vir die transformasie en verandering wat na 1994 vereis is.

## 2.4 GESKIEDENIS VAN ONDERWYS GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA IN SUID-AFRIKA

Onderwys is gedurende die apartheidsera in Suid-Afrika gekenmerk deur rasse- en etniese segregasie asook grootskaalse ongelykheid. Ras en etnisiteit was die kenmerk wat deur apartheid vereis is om toegang tot sosiale dienste soos grond, behuising, gesondheid en onderwys te beheer en te beperk. Kulturele identiteit is deur die apartheidsregering gemanipuleer om die mense in Suid-Afrika te verdeel, te onderdruk en te frustreer. Die kern van apartheid was daarop gemik om geforseerde verdeelde kulturele identiteite tot stand te bring, met veral swart Suid-Afrikaners aan die hartjie van hierdie verdrukking. Dit het tot vervreemding in die samelewing gelei. Hierdie optrede het ook gelei tot ekonomiese en sosiale ongelykheid (Metcalfe, 1997: 14).

Onderwys in die apartheidsera is ook gekenmerk deur die ontwikkeling van etniese universiteite en die voorsiening van ras- en etniesgebaseerde skoolonderwys. Verskillende departemente van onderwys is geskep vir die verskillende ras en etniese groepe, waarvan elk sy eie regsisteem, administrasie en begrotings gehad het. Wit skole en hoëronderwysinstellings is deur 'n groot deel van die bevolking gesien as die bevoordeeldes van hulpbronne, terwyl swart skole, kolleges, universiteite en technikons meestal benadeel was (Metcalfe, 1997: 14).

Volgens Fourie (1996:183) het hoër onderwys se samestelling in Suid-Afrika voor 1994 soos volg daaruit gesien. Daar was naamlik:

- elf universiteite en agt technikons vir blankes onder beheer van die Minister van Onderwys en Kultuur: Volksraad;
- een universiteit en een technikon vir Indiërs onder beheer van die Minister van Onderwys en Kultuur: Raad van Afgevaardigdes;
- een universiteit en een technikon vir kleurlinge geadministreer deur die Minister van Onderwys en Kultuur: Raad van Verteenwoordigers;
- vier universiteite en een technikon vir swartmense onder beheer van die Minister van Onderwys en Opleiding;
- een technikon geadministreer deur die Minister van Onderwys van 'n "selfregerende tuisland"; en
- vier universiteite onder beheer van die onderskeie Ministers van Onderwys in die onafhanklike tuislande van Transkei, Bophuthatswana, Ciskei en Venda.

Alle universiteite in Suid-Afrika voor 1994 was openbare instellings wat daargestel is deur hulle eie private wette. Hierdie universiteite was ook ondergeskik aan die algemene universiteitswette soos die Universiteitswet van 1955 soos gewysig, die Uitgebreide Universiteitswet van 1959 soos gewysig en deur die voorsiening van statute en regulasies soos goedgekeur deur die betrokke Minister. Technikons was ook openbare instellings wat ingevolge die wette van die Parlement tot stand gebring is, soos onder andere Wet 40 van 1967 soos gewysig. Technikons het aanvanklik nie private wette gehad nie, hoewel die Wet op Technikons van 1993 later hiervoor voorsiening gemaak het.

Swart onderwysers was gedurende die apartheidsera swak toegerus vir onderrig, met minderwaardige of laer kwalifikasies as hul blanke eweknieë. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die situasie in hulle skole verder versleg het. Geen kritiese denke is ontwikkel nie en studente is ook nie voldoende gestimuleer nie. Die Bantoe-administrasies kon nie voldoende hulpbronne aan skole verskaf nie. Hierdie probleem was dieper gewortel en was onder andere gesetel binne die volgende omstandighede (Metcalfe, 1997:14-15):

- swartes het nie goeie opleiding ontvang in hulle universiteite nie (en kon sodoende nie goeie skoolopvoeding verskaf nie) as gevolg van ongelykheid,

diskriminasie, onvoldoende befondsing uit die Bantoe-rekening en onvoldoende universiteitspersoneel;

- ongelykheid in navorsing- en onderrigkapasiteit;
- beperkte vlak van voorgraadse grade en diplomas; en
- beperkte veld van studie (hoofsaaklik is slegs geesteswetenskappe, onderwys en regte aangebied by die instellings).

Skoolsport was ook gedurende apartheidsonderwys streng gebaseer op ras en etnisiteit. Dit was geensins moontlik vir wit en swart leerders om teen mekaar mee te ding op die gebied van sport nie.

Carrim (aangehaal deur Waghid, 2002) som die geskiedenis van apartheids onderwys soos volg op:

*The system of apartheid seriously affected the nature of educational provision and order in South Africa. It ensured that South Africans were schooled in segregated environments. This meant that every level of schooling was cast in racial mould; educational budget provisions, the structure of educational bureaucracies, the composition of staff and pupils in schools (and universities), the kind of curriculum followed, and the ethos prevalent in schools. Transforming education in South Africa therefore entails erecting change on all these levels. This requires no less than an overhaul of the past educational order, a redefinition of the culture prevalent in schools throughout the country and a shift in mentality, from being racist, undemocratic and authoritarian to being non-racial, democratic and enabling.*

Hierdie situasie kon nie onbepaald voortduur nie en sedert 1993 het transformasie en veranderinge begin voorkom.

## 2.5 TRANSFORMASIE VAN DIE HOËRONDERWYSSEKTOR IN SUID-AFRIKA IN DIE TYDPERK 1993-2003

Die transformasie en veranderingsproses binne die onderwys het reeds teen 1990-1993 (voorverkiesingsperiode) en 1994-1996 (na-verkiesingsperiode) 'n aanvang geneem toe organisasie-intellektuele die ANC op die vlak van beleidsontwikkeling begin voorberei het. Die hoëronderwyssektor in Suid-Afrika het kenmerkend getransformeer en verander nadat die Wet op Hoër Onderwys (101 van 1997) gepubliseer en in die

parlement op rekord geplaas is. Die transformasie en veranderingsproses binne die Wet op Hoër Onderwys (101 van 1997) het ten doel gehad om 'n enkele gekoördineerde hoëronderwysstelsel daar te stel wat gefokus het op die behoefte van gemeenskappe en die samelewing met behulp van dienslewering deur die tersiêre instellings.

Die Wet op Hoër Onderwys (No 101 van 1997) het die Uitgebreide Universiteitswet van 1959 van die apartheidsregering verban. Die Uitgebreide Universiteitswet van 1959 het ten doel gehad om individuele instellings volgens ras te segregeer. Die historiese swart universiteite was grootliks onderbefonds deur die staat en het 'n konfronterende en outoritêre verhouding met die regering gehad. Die staat het die instellings met wetgewing gereguleer deur onder andere aspekte soos bestuur, ondersteunings- en akademiese strukture te beheer. Die historiese wit instellings, daarenteen, was beter toegerus met hulpbronne en het 'n outonome verhouding met die staat gehad. Na 1980 het die staat slegs 'n toesighoudingsrol in die wit instellings gespeel (Johnson, 1997: 73).

Die Van Wyk de Vries Kommissie in 1974 was van die eerste kommissies in Suid-Afrika wat die kwessie van beheer en bestuur, en meer spesifiek institusionele beheer en bestuur, in hoër onderwys in Suid-Afrika ondersoek en aangespreek het. Die kommissie het onder andere ondersoek ingestel na interne administrasie en bestuur vir die toekoms binne Suid-Afrikaanse universiteite gedurende die apartheidsera. In 1981 het nog 'n kommissie naamlik, die De Lange Kommissie, 'n uitgebreide ondersoek binne Suid-Afrikaanse hoër onderwys geloods. Hierdie kommissie het die koördinering en rasionalisering van beheer en bestuur van tersiêre onderwys as 'n spesifieke probleem area geïdentifiseer.

Die verslae van nog twee buitengewone ondersoeke binne die Suid-Afrikaanse hoëronderwyslandskap het baie belangstelling uitgelok, naamlik die *Education Renewal Strategy* van die Departement van Onderwys en die *National Education Policy Investigation* wat deur die Nasionale Koördineringskomitee in 1992 onderneem was. Die Onderwysvernuwingstrategie het wegbeweeg van die organisering en voorsiening van onderwys rondom rasse grense en so 'n nuwe era ingelei van transformasie en verandering vir Suid-Afrikaanse onderwys. Die Nasionale Onderwys Beleidsondersoek het grootliks gefokus op beheer en bestuursbeleide, beleid moontlikhede wat insluit institusionele beheer en bestuur (Sekoane, 2000: 53).

In Januarie 1994 het die ANC sy kommentaar rakende onderwys en opleiding in Suid-Afrika gepubliseer. Dit is gekenmerk deur die volgende (Waghid, 2002: 459-460):

- Ongelyke toegang in hoër onderwys wat wit Suid-Afrikaners beter toegang gebied het tot universiteite en technikons as swart Suid-Afrikaners, is bevind.
- Slaagsyfers aan historiese wit universiteite was beter as dié van historiese swart universiteite.
- Daar was ongelyke werksgeleenthede vir diegene wie nie wit was nie. In 1994 het blankes 90% van alle akademiese poste in Suid-Afrikaanse universiteite en technikons beklee.
- Daar was ongelyke verteenwoordiging van vroue in sekere professionele programme en in senior akademiese en administratiewe poste binne hoëronderwysinstellings.
- Daar was ongelyke personeelhulpbronne ten opsigte van student-dosentverhouding en beter kwalifikasies en befondsing vir histories wit universiteite teenoor histories swart universiteite.
- 'n Leemte is ervaar ten opsigte van deelnemendheid/relevantheid en demokratiese verantwoordbaarheid van hoëronderwysinstellings teenoor die nood van die meerderheid Suid-Afrikaners.

'n Buitengewoon groot taak het dus op die regering van nasionale eenheid in 1994 gerus om onderwysbeleid in plek te kry wat sou help om die kenmerke van apartheid uit te skakel en om die ongelykhede in die hoër onderwys, soos onder andere gelyke toegang, ontwikkeling, verantwoordbaarheid en kwaliteit, aan te spreek.

Die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NCHE) het 'n belangrike rol gespeel om transformasie en verandering teweeg te bring.

### 2.5.1 Rol van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NCHE) m.b.t. transformasie van hoëronderwys

'n Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NCHE) is op 3 Februarie 1995 deur 'n presidensiële proklamasie tot stand gebring met die opdrag om transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika te ondersoek. Dertien kommissarisse, insluitend 'n voorsitter en uitvoerende direkteur, is aangestel. Hierdie kommissie het ontstaan gedurende Suid-Afrika se oorgangsperiode van 'n apartheidsregering na 'n demokratiese bestel. Die

algemene opdrag van die kommissie was om die Minister van Onderwys soos volg te adviseer:

a) wat hoër onderwys behels;
b) die onmiddellike en langtermyn- nasionale doelwitte van die stelsel van hoëronderwys;
c) die institusionele tipes instellings benodig deur die stelsel, hulle bepaalde missies, hulle onderskeie onderlinge verhoudinge en hulle verhoudinge met die staat, professionele liggame, die privaatsektor, NRO's, ensovoorts, hetsy nasionaal en/of provinsiaal;
d) die strukture benodig deur die Minister van Onderwys, of deur enige ander tersaaklike owerheid, ten einde deurlopende beleidsadvies oor hoër onderwys te verskaf;
e) die strukture wat nodig is om hoër onderwys te administreer; en
f) die stappe wat nodig is om die huidige advies- en administratiewe strukture daar te stel (NCHE, 1996: 149).

Die kommissie se eerste taak het gefokus op die ontwikkeling van administratiewe en tegniese ondersteuningstrukture, aanwysing van personeel, navorsers en ontwikkeling van 'n toepaslike metodologie. 'n Werksvisie en definisie vir hoër onderwys in Suid-Afrika het as vertrekpunt gedien vir die kommissie se opdrag. Die visie was soos volg:

i. Die voorgestelde stelsel van hoër onderwys moet ondersteun word deur die beginsels van hoë kwaliteit, lewenslange leer, gelykheid, demokrasie en doeltreffendheid.
ii. Die hoëronderwysstelsel sal 'n goed beplande en geïntegreerde komponent van die nasionale stelsel van onderwys en opleiding wees.
iii. Die studente en personeel sal verteenwoordigend wees van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.
iv. Die oorhoofse missie van die stelsel is die ontwikkeling van menslike hulpbronne, navorsingskapasiteit en die gemeenskappe.
v. Die hoëronderwysstelsel se produsering van kennis is om ekonomiese, politieke, kulturele en intellektuele ontwikkeling nasionaal, regionaal en internasionaal te bevorder.

Die definisie van die kommissie was soos volg:

*Dat hoër onderwys veral bestaan uit alle leerprogramme wat lei na kwalifikasies wat verteenwoordigend is van 'n vlak hoër as die huidige matrikulasie of hoër as die verdere onderwyssertifikaat in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.* (Reddy, 1997:8).

### 2.5.2 Aanbevelings van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NCHE)

Die eerste dokument wat deur die kommissie vrygestel is, was getiteld *NCHE Discussion document: A framework for transformation.* Die kommissie het gedurende die saamstel van hierdie dokument probeer om op 'n interaktiewe wyse alle belanghebbendes binne hoër onderwys in die proses van beleidsformulering te betrek. Belanghebbendes het by drie nasionale konsulterende konferensies bydraes tot die proses gemaak deur voorleggings, skriftelike kommentaar en navorsingskundigheid. Gedurende die eerste tien maande van sy bestaan het die kommissie al nege provinsies in Suid-Afrika besoek. Hierdie besoeke het die kommissie in staat gestel om die verskeidenheid tersiêre instellings van naderby te ontmoet en alle belanghebbendes betrokke by die instellings in te lig omtrent die werksaamhede van die kommissie en so ook hulle insette tot die nuwe hoër onderwys bestel in Suid-Afrika te bespreek (NCHE, 1996: 41-43).

Die kommissie het ook verskeie industriële en ontwikkelende lande besoek om kennis en ervaring by die lande in te win van hulle bevindinge met die herstrukturering en transformasie van hoër onderwys. Die besoeke aan die lande het ook bande met die internasionale hoëronderwysgemeenskap versterk. Die kommissie se werk is ondersteun deur 'n navorsingsnetwerk wat georganiseer is in vyf taakgroepe, verskeie tegniese komitees, werksgroepe en aangewese individue wat verslae moes skryf (NCHE, 1996: 41-43).

Na inagneming van sy opdrag en standpunte wat ontvang is het die kommissie die volgende beginsels geïdentifiseer om die herstrukturering van die hoër onderwys te lei (NCHE, 1996: 41-43):

- **Gelykheid**: Die verspreiding van voordele moes onpartydig en regverdig wees vir alle persone wat hiervoor kwalifiseer.

- **Demokrasie**: Die strukturele en prosedurele reëlings van die proses waarop besluite oor beleid en prioriteite sowel as die implementering van planne en programme gemaak word.
- **Ontwikkeling**: 'n Stel programme of aksies wat geïnisieer en geïmplementeer word om toestande te skep om sodoende 'n stelsel geleidelik te verbeter.
- **Kwaliteit**: Die onderhoud en aanwending van akademiese en opvoeding standaarde. Internasionale erkenning speel hier 'n belangrike rol.
- **Akademiese vryheid/ Institusionele outonomie**: die afwesigheid van inmenging van buite, sensuur of struikelblokke in die nastrewing en praktisering van akademiese werk.
- **Effektiwiteit/Doeltreffendheid**: Effektiwiteit sluit onder andere in 'n stelsel of organisasie wat op so 'n manier funksioneer dat dit na verwagte uitkomste of doelwitte lei. Doeltreffendheid beskryf op sy beurt 'n stelsel of organisasie wat goed werk, sonder onnodige duplisering, gedeeltelike dekking of ander vorme van verkwisting, asook binne die grense van bekostigbaarheid en finansiële volhoubaarheid.

Die kommissie het die volgende breë raamwerk aanbeveel vir transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika, naamlik (NCHE, 1996: 47-50):

- Verhoogde deelname in die stelsel deur 'n diverse reeks van rolspelers, wat sal beteken dat meer geleenthede en keuses vir die student beskikbaar sal wees as gevolg van nuwe programmatuur en 'n navorsingsverskeidenheid. Dit sal lei tot kompetisie onder instellings omdat elite-grense deur ontwikkelende institusionele identiteite vervang word.
- Verhoogde samewerking en meer vennootskappe tussen hoër onderwys en ander sosiale karakters en instellings. Hierdie vennootskappe sluit in nuwe hoëronderwysinstellings, siviele gemeenskap, staat- en parastatale instellings, private besighede en interinstitusionele vennootskappe.
- Groter deelnemendheid aan 'n groter verskeidenheid van sosiale en ekonomiese benodighede. Eerstens sal 'n toename in inskrywings van 'n breër sosiale klas en ouderdomsgroep lei tot 'n ekwivalente skuif in die hoëronderwyssektor. Tweedens sal transformasie van navorsing lei tot groter sosiale en ekonomiese benodighede as wat tans die geval is. Derdens is deelnemendheid meer

verantwoordbaar weens groter interaksie en samewerking deur intellektuele met buitewerkers wat selfs ook meer sosiale verantwoordbaarheid behels.

Die tweede dokument van die kommissie was getiteld *Report, National Commission on Higher Education: A framework for transformation.* Hierdie dokument het onder andere die debat rondom bestuur en meer spesifiek die rol van institusionele forums vervat en was ook onder alle belanghebbendes van hoër onderwys vir kommentaar versprei.

Uit hierdie verslag het die NCHE bevind dat twee faktore die nood vir transformasie bevestig, naamlik (i) die grondige tekort van die huidige stelsel wat die vermoë beperk om die morele, sosiale en ekonomiese vereistes van die nuwe Suid-Afrika na te kom en (ii) 'n konteks van ongekende nasionale en globale geleenthede en uitdagings.

Tekortkominge in hoër onderwys in Suid-Afrika is soos volg deur die NCHE (1996: 1-2) uitgewys:

1. Die huidige stelsel versinnebeeld 'n onegalige verspreiding van toegang en geleenthede vir studente en personeel waaronder klassifikasie van ras, geslag, klas en geografiese diskriminasie. Diskrepansies in die deelname van studente van verskillende populasie groepe en wanbalanse in die verhouding van swart en vroulike studente vergelykend teenoor wit en die manlike geslag. Dispariteit tussen historiese wit en swart instellings in terme van fasiliteite en kapasiteit van onderrig en navorsing. Die nood bestaan dus hier vir 'n dinamiese en lewensvatbare program van grootskaalse regstelling tussen beide benadeelde individue en benadeelde instellings.
2. Daar is kroniese wanaanpassing tussen hoëronderwysuitsette en die nood vir 'n gemoderniseerde ekonomie. As gevolg van diskriminerende praktyke is toegang beperk vir swart en vroulike studente in rigtings soos ingenieurswese, tegnologie en kommersiële studies. Dit het gelei tot 'n afname in die ekonomie en sosiale ontwikkeling.
3. Daar is 'n sterk neiging na geslote-sisteem dissiplinêre benaderings en programme wat gelei het tot onbehoorlike gekontekstualiseerde onderrig en navorsing. Die inhoud van die kennis wat geproduseer en versprei is, verteenwoordig onvoldoende deelnemendheid vir die behoeftes en probleme van die Afrika-kontinent, die Suider-Afrikaanse streek of die vinnig groeiende getal

arm en plattelandse mense in ons gemeenskap. Ooreenstemmend is onderrigstrategieë en -metodes van aflewering nie aangepas om die behoefte van groter studente-innames en die diversiteit van lewenslange leerders te akkommodeer nie.

4. Daar is 'n tekort aan regulerende raamwerke vanweë 'n lang geskiedenis van organisatoriese en administratiewe versplintering en swak aanspreeklikheid. Dit beperk beplanning en koördinering, eliminering van duplisering en vermorsing, die bevordering van beter artikulasie en mobilisering, en die effektiewe evaluering van kwaliteit en doeltreffendheid.

5. Daar is 'n neiging onder hoëronderwysinstellings om die etniese, rasse- en geslagskeidings van die breër gemeenskap te repliseer. Dit het aanleiding daartoe gegee dat die rol van hoër onderwys 'n beperking geplaas het op die kritieke siviele gemeenskap met 'n kultuur van verdraagsaamheid, openbare debatvoering en akkommodering van verskille en kompeterende verskille. Die hoëronderwysstelsel het ook nie in geheel bygedra tot 'n demokratiese etos en 'n sin vir burgerskap gedefinieer rondom 'n verbintenis tot alledaagse vooruitgang nie.

Die NCHE (1996:2-3) het in sy taak dit goed gevind om ook die volgende uitdagings binne die hoëronderwyssektor in Suid-Afrika soos volg uit te wys:

- Hoër onderwys kom te staan teen dubbele eise vir verhoogde deelname, gedryf deur demografiese en ontwikkelde imperatiewe. Aan die een kant is daar 'n groter eis vir toegang van skoolverlaters, veral vir die voorheen benadeeldes in hoër onderwys. Aan die ander kant is daar 'n aanvraag vir hoogs geskoolde opgeleide mannekrag met 'n groter verskeidenheid vaardighede en kompetensie, veral as die vereistes vir ekonomiese ontwikkeling nagekom moet word.
- Nuwe navorsingsagendas en nuwe leerprogramme sal benodig word om kulturele, sosiale en ekonomiese potensiaal van die land en al sy mense te mobiliseer.
- Suid-Afrika moet die vaardighede en tegnologiese innoverings ontwikkel wat belangrik is vir suksesvolle ekonomiese deelname in die globale mark. Dit moet ook 'n nuwe generasie sosialiseer met die vereiste kulturele waardes en kommunikasie vaardighede om uiteindelik burgers van internasionale en 'n globale gemeenskap te word.

- Dit is ook belangrik dat Suid-Afrika tred hou met internasionale ontwikkeling van die geleerde gemeenskap. Die uitdaging is om met verandering tred te hou wat volhoubaar moet wees in sy rol as 'n gespesialiseerde ontwikkelaar van kennis.

Die sentrale fokus van die kommissie se werk het by die Minister van Onderwys aanbeveel dat daar binne hoër onderwys in Suid-Afrika aan die volgende aandag gegee moet word:

- 'n Enkele gekoördineerde hoëronderwysstelsel moet geskep word. Die uitdaging was om diversiteit binne die enkel gekoördineerde stelsel te verseker deur verhoogde deelname binne die sektor met 'n raamwerk vir beplande groei gekoppel aan kapasiteit, beskikbare hulpbronne, verhoogde kwaliteit en inagneming van nasionale menslike hulpbronne tekortkominge. Afstandsonderring, navorsing, nagraadse studie, toelatings en die ontwikkeling van kapasiteit in belangrike areas is aspekte wat voldoende aandag binne die sektor moet geniet.
- Samewerkende beheer- en bestuurstelsels moet tot stand gebring word op nasionale, regionale en institusionele vlak van hoëronderwysinstellings. Op nasionale vlak het die kommissie aanbeveel dat die Departement van Onderwys 'n tak stig vir hoër onderwys om effektiewe en doeltreffende diens aan die enkele gekoördineerde stelsel te verskaf. Hierdie tak kan ook die Minister adviseer rakende beleidsake en ondersteuning bied aan nuwe nasionale belanghebbende strukture. Regionale samewerking was 'n belangrike strategie om die verdeeldheid van apartheid te oorkom deur tradisionele wit en swart instellings saam te swerm. Op institusionele vlak het die kommissie aanbeveel dat universiteitsrade die hoogste gesaghebbende liggaam moet wees met meer verteenwoordiging van spesifiek die swart bevolking en vroue in hierdie rade. 60% van raadslede moes buite die universiteit gewerf word.
- 'n Doelwitgerigte befondsingsformule moet opgestel word, waaronder die beginsels van gelykheid, ontwikkeling, demokrasie, effektiwiteit, doelgerigtheid, finansiële volhoubaarheid en gedeelde onkostes sorteer. Eerstens moet befondsing die aktiewe stimulering van studie in 'n bepaalde veld aanmoedig en tweedens moet geoormerkte fondse beskikbaar gestel word vir navorsing, finansiële hulp aan studente, akademiese ontwikkeling, personeelontwikkeling, inligtingstegnologie, biblioteekkapasiteitsbou, kurrikulumontwikkeling, toerusting, institusionele ontwikkeling, nuwe grond en geboue.

Volgens Reddy (1997:24) kan hoër onderwys substantief bydra tot transformasie, ontwikkeling en rekonstruksie van Suid-Afrika. Slegs hoër onderwys kan bydra tot navorsing, opleiding van hoogs geskoolde arbeiders en die ontwikkeling van relevante, gebruiklike inligting om 'n ontwikkelende gemeenskap toe te rus met die kapasiteit om in te skakel in 'n vinnig veranderende nasionale en globale konteks.

## 2.6 BELANGRIKE ROLSPELENDE KRAGTE IN DIE DRYF VAN TRANSFORMASIE EN BESTUUR IN HOËR ONDERWYS

Volgens Fourie (2001: 83) is daar verskeie rolspelende kragte in die beheer en bestuur van hoër onderwys; hierdie rolspelers speel ook 'n leidende rol in die transformasie van hoër onderwys. In die eerste plek moet universiteitsrade van hoëronderwysinstellings wegbeweeg van 'n legitimiteitsrol na 'n meer leidende rol. Tweedens moet bestuur op alle vlakke van die instelling bemagtig word om 'n kultuur van innovasie en kreatiwiteit te skep. Bestuurders moet ook genoegsame leiding ontvang. Derdens moet die rolle van die institusionele forum, vakbond verteenwoordigers en ander rolspelers binne die instelling duidelik gedefinieer word. Vierdens is regionale of streeksamewerking baie belangrik en kan dit goeie vrugte afwerp. Laastens is goeie bestuur 'n voorvereiste vir sukses.

Soos in enige transformasie proses is daar belangrike rolspelende kragte wat die proses dryf. In hoër onderwys in Suid-Afrika kan die volgende kragte as dryfvere tot die transformasie proses geïdentifiseer word, naamlik politiek en studente-aktivisme, verhoogde vraag na universiteitstoelating, demokratisering en opvoedkundige verbreding, die finansiële posisie van hoër onderwys en die veranderende rol van die regering (Fourie, 1996: 196-203).

### 2.6.1 Politiek en studente-aktivisme

Die politieke geskiedenis van Suid-Afrika het grotendeels bygedra tot die toestand van sake in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyslandskap. As gevolg van apartheid was daar in die periode voor 1990 struwelinge en radikale verset teen die apartheidsregering, waartydens swart studente aan die voortou van opstande was. Die studente-opstand in 1976 in Soweto is 'n voorbeeld van die verset teen die destydse apartheidsregering.

Radikale swart studente-organisasies was onder andere die *South African Students' Congress* (SASCO), die *Pan Africanist Students' Organisation* (PASO), en die *Azanian Student Convention* (AZASCO), wat almal geveg het teen die ideologie van apartheidsonderwys. In 1948 het die Nasionale Party die beleid van aparte ontwikkeling van stapel gestuur. In 1954 het dr. HF Verwoerd, toe nog die Minister van Swart Sake, afgekondig dat universiteite vir swartes ontwikkel sou word. Hierdeur is nie net meer beheer oor onderwys toegepas nie, maar die totale beleid van aparte rasontwikkeling is ook verder bevorder (Fourie, 1996: 202).

Bevordering van die beleid van aparte onderwys het daartoe gelei dat daar telkens onderbreking van die kultuur van leer deur swart studente was. Die studente se sukses in hierdie aksies het aan hulle 'n mate van mag verskaf teen die apartheidsregering, maar het die onderwys met 'n dilemma gelaat. As gevolg van apartheidsonderwys (op skool sowel as tersiêre vlak) was die onderskeie instellings verpolitiseer. Historiese swart instellings was gekant teen die apartheidsregering en het hul steun aan die destyds verbanne ANC toegesê. Historiese wit instellings is grotendeels bevoordeel deur apartheid en was in die reël die NP se apartheidsregering goedgesind.

Studente-opstande speel in die nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika ook 'n belangrike rol. Onlangse opstande soos dié by die Witwatersrandse Universiteit, die Mafikengkampus van die Noordwes-Universiteit getuig van studente se optrede oor hul ontevredenheid oor sake met betrekking tot die spesifieke instelling.

### 2.6.2 Verhoogde vraag na universiteitstoelating, demokratisering en opvoedkundige verbreding

Verandering van die Suid-Afrikaanse hoëronderwyslandskap as gevolg van die nuwe demokratiese bestel het daartoe bygedra dat meeste voorheen benadeelde Suid-Afrikaners op soek was na 'n beter toekoms met beter geleenthede. Dit het onder andere gelei tot 'n verhoogde vraag na universiteitstudie deur hierdie deel van die Suid-Afrikaanse bevolking. Verhoogde sosio-ekonomiese omstandighede en verbeterde skoolstandaarde in swart skole kan mettertyd die vraag na universiteitstoelating verder verhoog. Universiteitstoelating het ook een van die dryfvere geword om die transformasie proses in hoër onderwys te versnel. Die regering het na 1994 voorheen bevoordeelde wit universiteite verplig om meer swart studente in te neem vir tersiêre

opleiding. Die inname van meer swart studente beteken egter dat die werkswyses van wit tersiêre instellings deur sommige mense bevraagteken word, en dit impliseer onder meer dat die voorheen benadeelde studente ook demokraties deel moet word van die studentelewe en -bedrywighede op die kampusse, wat verdere transformasie binne die instellings sal bevorder (Fourie, 1996: 204).

Teichler, soos aangehaal deur Sekoane (2000:59-60), identifiseer vier redes vir die verbreding van hoër onderwys:

- daadwerklike uitbreiding van wetenskap en kennis;
- die oortuiging dat die uitbreiding van hoër onderwys substantief bydra tot ekonomiese groei deur die verskaffing van hoogs gekwalifiseerde mannekrag;
- sosiale aanvraag deurdat 'n verhoogde proporsie van die populasie streef na hoër vlakke van opvoeding om sodoende toegang tot hoër vlakke van beroeps- en sosiale hiërargie te bekom; en
- die konsepsie dat hoër onderwys 'n wyse van kulturele verryking of 'n soort verbruikervoordeel is wat tot almal se beskikking is.

Die kragte van opvoedkundige verbreding, universiteitstoelating en demokrasie moet derhalwe in rekening gehou word om te help met die transformering van die hoëronderwyssektor.

### 2.6.3 Finansiële posisie van hoër onderwys

Hoëronderwysinstellings was oor die jare heen grotendeels afhanklik van staatsbefondsing, maar tans word 'n afname in staatsubsidiebefondsing op nasionale vlak deur hoëronderwysinstellings ondervind. Die regering het hul voornemens te kenne gegee dat hulle nie van plan is om staatsubsidie aan hoëronderwysinstellings te verhoog nie. Dit is in direkte teenstelling met hulle plan om toegang tot universiteite te verhoog, veral vir minder bevoorregte groepe. Hierdie voornemens van die regering skep 'n verdere finansiële las vir tersiêre instellings, aangesien akademici meer druk op die instellings plaas vir beter vergoeding. Die privaatsektor en industrie met hoër vergoedingspakkette bied aanlokliker moontlikhede vir akademici, wat lei tot 'n verlies in hoogs geskoolde personeel in hierdie sektor.

Fourie (1996:109) is van mening dat minder afhanklikheid van staatsubsidie aan hoëronderwysinstellings groter vryheid sal verskaf. Hierdie vryheid loop egter hand aan hand met groter verantwoordbaarheid en aanspreeklikheid. Die bestuur van hoëronderwysinstellings sal ook meer kompleks wees as gevolg van 'n verminderde staatsubsidiebefondsing.

### 2.6.4 Veranderende rol van die regering

Suid-Afrika het die afgelope elf jaar vele veranderinge op die sosiale, politieke en ekonomiese gebied ondergaan. So ook is radikale veranderings ondervind tussen hoëronderwysinstellings en die regering. Volgens Fourie (1996:110) is die fokus van die regering grotendeels koördinering, regulering, akkreditering en die voorsiening van leiding en aansporing vir beide openbare en private instellings om onder meer die instellings in 'n toesighoudende rol by te staan om sodoende te voldoen aan behoeftes ten opsigte van nasionale opleiding, navorsing en diensverrigting.

Die staat speel egter 'n leidende rol in hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika, soos duidelik blyk uit voorbeelde soos die nominering en aanstelling van top- universiteit administrateurs en die aanwysing van raadslede, voorstelle rakende die getal studente wat jaarliks toegelaat moet word, die aankondiging van universiteitsluitingsdatums, die bepaling van diensvoorwaardes vir universiteitspersoneel en die grootskaalse befondsing van hoëronderwysinstellings.

Uit bovermelde rolspelende kragte kan die gevolgtrekking gemaak word dat die regering 'n leidende rol speel in hoër onderwys in Suid-Afrika, selfs al is dit indirek. Rekening moet egter gehou word met onder andere die politieke milieu in Suid-Afrika, insluitend die studente-aktivisme wat binne hoëronderwysinstellings afspeel en 'n belangrike faktor is om mee rekening te hou. Met die toelating van meer studente uit voorheen benadeelde groepe word 'n nuwe era ingelei in Suid-Afrikaanse hoër onderwys. Hierdie stap behoort die ekonomie van Suid-Afrika in die toekoms te verbeter, met die gevolglike beter gekwalifiseerde mannekrag wat afgelewer sal word deur hoëronderwysinstellings.

## 2.7 SAMEVATTING

Die hoëronderwyssektor is 'n unieke sektor wat altyd deur transformasie geraak sal word omdat transformasie 'n voortdurende proses is. Soos reeds genoem (2.1), is dit inderdaad 'n moeilike proses om te transformeer en te verander. Hoëronderwysinstellings sal voortdurend moet ondersoek instel na die relevantheid van transformasie binne elke instelling. Ekwiteitsprofiele moet nie bloot net reggestel word op aandrang van die regering nie, en instellings moet ook nie bloot net die aantal vroulike en/of swart aanstellings binne hulle strukture verander ten einde aan transformasie doelwitte te voldoen nie.

Hierdie hoofstuk het gepoog om 'n oorsig te verskaf van die terme transformasie en verandering (2.2). 'n Uiteensetting van die geskiedenis van onderwys en hoër onderwys in Suid-Afrika is gemaak om die proses te illustreer en te verduidelik hoe hierdie geskiedkundige gebeure inpas by die huidige transformasieproses van hoër onderwys (2.3 & 2.4). Hoër onderwys word getipeer deur 'n eiesoortige missie, waardes en kenmerke. Hierdie kenmerke vereis goeie bestuurslui en administrateurs om die transformasie van hoër onderwys 'n sukses in Suid-Afrika te maak. Goeie bestuursleiding word ook op die nasionale vlak van onderwys benodig om voortdurend hierdie transformasie proses te bestuur.

Die transformasie van hoër onderwys is grotendeels deur wetgewing beïnvloed. Reeds in die sestigerjare het die apartheidsregering hoër onderwys deur middel van wetgewing gereguleer. Wetgewing dien nie net as katalisator om te transformeer nie, maar is ook 'n belangrike beleidsdokument. Dit is belangrik vir die doel van hierdie studie dat 'n ondersoek gedoen word na die invloed van wetgewing op hoër onderwys. Die volgende hoofstuk dui die belangrikheid en die verloopproses van wetgewing binne die Suid-Afrikaanse konteks aan.

# HOOFSTUK 3

# WETGEWING EN TRANSFORMASIE IN DIE HOËRONDERWYSSEKTOR EN DIE ONTSTAAN VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM AAN DIE PU VIR CHO

## 3.1 INLEIDING

Wetgewing het in Suid-Afrika 'n toonaangewende rol in die hoëronderwyssektor gespeel en het die beleidsriglyne neergelê aan die hand waarvan die sektor moes verander. Vanaf 1990 was die ANC en die NP (die dominerende partye in Suid-Afrika in daardie stadium) hoofsaaklik verantwoordelik vir die beleidsontwikkelingsproses en die uiteindelike beleid, soos in wetgewing vervat. Die prioriteite van die nasionale regering kan aan die hand van sy wetgewing en beleidsdokumente bepaal word. Hierdie dokumente (wetgewing en beleid) word beskou as die belangrikste uitspraak van die regering. Dit moet onder meer gesien word as uitdrukking of spreekwyse van populêre goeie wil, wat verteenwoordigend is van die kieserskorps of die demokraties verkose regering.

Die beleidsdokumente van die nasionale regering van Suid-Afrika is tydens die oorgangsperiode (1990-1994) beding op grond van die politieke agtergrond en omstandighede wat geheers het in die land. Sodoende moes die ongeregtigheid van die verlede uitgeskakel word en 'n samelewing gevestig word wat op demokratiese waardes gebaseer is en sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte nastreef.

Die wetgewing wat die hoëronderwyssektor vir die periode vanaf 1990 tot 2003 gedryf het, word in hierdie hoofstuk bestudeer en aandag word veral aan transformasiesake gegee. Daar word onder andere in die hoofstuk gefokus op faktore wat tot die totstandkoming van die IF aan die PU vir CHO gelei het.

Wetgewing en die ontwikkeling van beleid in hoër onderwys is 'n voortdurende proses. Suid-Afrika word deur groot sosio-ekonomiese uitdagings en ontwikkelingsbehoeftes in

die gesig gestaar, as gevolg waarvan groot eise aan hoëronderwysinstellings gestel word om agente van verandering te wees ten einde 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners daar te stel. Die aaneenlopende proses van wetgewing en beleidsontwikkeling in Suid-Afrika word vervolgens bespreek.

## 3.2 DIE BELEIDSONTWIKKELINGSPROSES VIR HOËR ONDERWYS IN SUID-AFRIKA VANAF 1990-2003

Die herstruktureringsproses van skool- en hoër onderwys het kort na die ontbanning van verskeie politieke organisasies in 1990 begin. Segregasie van skoolopvoeding het tot 'n einde gekom in 1991 toe wit skole die keuse gegee is om die status van hul skole (met toestemming van ouers) in een van die volgende drie modelle te verander:

- Model A: privatisering van die skool.
- Model B: bly 'n staatskool maar registreer tot 50% swart leerders.
- Model C: kry 'n staatsubsidie maar maak die balans van hul begroting op deur skoolfonds en donasies. Hierdie skole kon ook 50% swart leerders inneem.

(Motala & Pampallis, 2001: 146).

Daar is in 1990 van die basiese beginsel van ras as bepalende faktor in Suid-Afrikaanse onderwys afstand gedoen deur die *Education Renewal Strategy (ERS).* Suid-Afrika is hierdeur verbind tot 'n enkele ministerie van onderwys wat beheer sou uitoefen oor die totale onderwysbestel in die land. 'n Amptelike nie-rassige hoëronderwysstelsel is as gevolg hiervan in die vooruitsig gestel (Davies, aangehaal deur Fourie, 1995: 206).

In 1994 het die ANC se amptelike beleidsdokument rakende onderwys verskyn, wat aangedui het dat universiteite se klem moes verskuif na tegnies, wetenskaplik en professioneel gebaseerde programme. Hierdie beleid het ook voorgestel dat rasionalisering plaasvind deurdat die onkoste van hoër onderwys deur sy direkte bevoordeeldes gedra word (Fourie & Van der Westhuizen, 2002: 40).

Na die bewindsoorname in 1994 het die ANC in Mei 1994 sy implementeringsplan vir Onderwys en Opleiding vrygestel wat gefokus het op beheer en bestuur, toegang en befondsing. Hierdie dokument het ook die mandaat, samestelling en prosedures van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys uitgespel. Dit het ook aangedui dat die beleid

vir die herkonstruksie van hoër onderwys in effek sal kom sodra die kommissie sy aanbevelings gemaak het.

Die Tussentydse Grondwet (RSA, 1993) en die finale Grondwet (RSA, 1996a) – die belangrikste beleidsdokumente in die land – het fundamenteel gehelp om die kontrole van onderwys te vergestalt. Die Grondwet is belangrik in die sin dat die Handves van Menseregte wat daarin verskyn, omvattend is ten opsigte van die verskeie regte wat vir die mense van die land geld. Die regte wat in die Grondwet met onderwys geassosieer word, word vervat in afdeling 29(1) en stipuleer die volgende:

*Elkeen het die reg*
*(a) tot basiese onderwys, insluitend volwasse basiese onderwys; en*
*(b) tot verdere onderwys wat die staat, deur redelike maatstaf, progressief beskikbaar en toeganklik moet maak.*

Hierdie reg word verder ondersteun deur die reg om onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van 'n persoon se keuse in openbare instellings waar die opvoeding prakties moontlik is. Die wet maak dit duidelik dat die reg tot basiese onderwys verseker is, maar dat die reg tot verdere onderwys progressief toeganklik gemaak sal word deur redelike maatstawwe. Hierdie reg word dus nie so sterk beklemtoon soos die reg tot basiese onderwys nie.

Die ANC se onderwysbeleid, wat sy oorsprong uit die Vryheidsmanifes het en wat verbind is tot die beginsel van mense opvoeding, kon binne die riglyne van die Grondwet vergestalting vind. Volgens die *People's Education Movement* is universiteite aangemoedig om meer verantwoordelik aan die gemeenskap te word, elitisme te verban en om hulself te transformeer in mensgerigte universiteite.

Die Nasionale Onderwyskoördineringskomitee *(NECC)* het in 'n poging om uitvoering te gee aan die ideaal van mensgerigte onderwys (soos in die Grondwet vervat), die Nasionale Onderwysbeleidsondersoek gestig om 'n verslag op te stel rakende die korttermyntoekoms van post-sekondêre onderwys. Hierdie verslag het sake ingesluit soos bestuur en beheer, toegang, finansies, regstelling en ontwikkeling (Fourie, 1996: 208).

Wetgewing en beleidsdokumente wat onderwysgerig was en wat na die Grondwet van 1996 ter tafel gelê is, word vervolgens bespreek om die invloed van sodanige op onderwys verder uit te klaar.

### 3.2.1 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA Wet No. 58 van 1995), die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NQF) en Kwaliteitsversekering in Suid-Afrika

Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA Wet No. 58 van 1995) het die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid gevestig as die liggaam wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die reëls vir die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NQF). SAQA het die verantwoordelikheid om beleid te formuleer en te publiseer en kriteria daar te stel vir die registrasie van liggame wat verantwoordelik is vir die vestiging van onderwys- en opleidingstandaarde en/of -kwalifikasies. SAQA en die Ministerie van Onderwys het dit as prioriteit gestel om een vlak van leer met 'n ander te verbind om sodoende suksesvolle leerders in staat te stel om sonder enige beperking na 'n hoër vlak van enige beginpunt binne die hoëronderwysstelsel te vorder.

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk dui die verlangde leervermoë aan en bepaal die formaat waarin die kwalifikasie- of eenheidstandaarde vir registrasie ingedien moet word. Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk beklemtoon nie net bevoegdheid nie, maar ook nadere skakels tussen onderwys en opleiding en die erkenning van vorige leer (EVL).

Volgens SAQA is die organiserende funksie van die NQF om alle onderwys en opleiding in Suid-Afrika in 12 velde te organiseer. Hierdie velde is nie gebaseer op tradisionele dissiplines of vakgebiede nie maar is 'n mengsel van beide. Ten einde hierdie organiserende velde te laat funksioneer is Nasionale Standaardeliggame (NSB's) in die lewe geroep met die hoofdoel om toesig te hou oor die vestiging en erkenning van die Standaardgenererende Liggame (SGB's).

SAQA en die NQF was belangrike rolspelers in die transformasie van hoër onderwys in die sin dat dit bygedra het tot die herstrukturering van die hoëronderwyskurrikulum. Hierdie liggame het die fokus verskuif van formele kennis na 'n klem op vaardighede. So ook is 'n stelsel geïmplementeer met die persoonlike, sosiale en ekonomiese behoeftes van die Suid-Afrikaanse gemeenskap as fokus (Fourie & Van der Westhuizen, 2002: 42).

### 3.2.2 1997 Witskrif No. 3 vir Hoër Onderwys

Die basis vir die 1997 Witskrif no. 3 vir Hoër Onderwys word verskaf deur die raamwerk van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys se verslag in 1996 wat die interaksie deur samewerking en vennootskappe tussen hoëronderwysinstellings ondersoek en aangemoedig het. Die Witskrif het die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys se voorstel vervat om 'n programgebaseerde definisie van hoër onderwys aan te moedig (sien 2.5.1, p.20) 'n Programgebaseerde hoëronderwysstelsel het volgens die Witskrif die volgende aangedui:

- Gelyke toegang en gelyke geleenthede vir sukses moet aan alle studente verskaf word.
- Programme moet ontwikkel word wat lei na kwalifikasies wat voldoen aan die land se beroepsbehoeftes vir hoogs geskoolde gegradueerdes.
- Kritiese en kreatiewe denke moet bevorder word, verdraagsaamheid en 'n verbintenis moet gevestig word tot die wil om goed te doen deur onderwys.
- Navorsing aan die hand van internasionale standaard moet bevorder word, en dit moet tegelykertyd weerspieëlend wees van die Suid-Afrikaanse konteks (Fourie & Van der Westhuizen, 2002: 50).

Die ontwikkeling van regionale samewerking en vennootskappe tussen 'n reeks hoëronderwysinstellings is deur die witskrif aangemoedig. Dit was oorweeg dat hierdie konsortiums samewerking kan fasiliteer, deur onder andere die ontwikkeling en aflewering van programme en die vermindering van duplisering van programvoorsiening.

Die Witskrif het toegegee dat die transformering van die onderwysstelsel duur gaan wees en dat verbetering van die interne effektiwiteit van die stelsel belangrik is om hierdie transformasie te bereik. Vermindering van die duplisering van programvoorsiening was een manier om koste-effektiwiteit na te streef. 'n Ander manier was om 'n aansporings-/prestasieloonbefondsing te verskaf om die koste verbonde aan regionale samewerking te ondersteun ten opsigte van samewerkende akademiese programme (Fourie & Van der Westhuizen, 2002:51).

### 3.2.3 Wet op Hoër Onderwys (no. 101 van 1997)

Die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997, het voorsiening gemaak vir samewerking tussen openbare hoëronderwysinstellings vir die optimale gebruik van hulpbronne en die bereiking van funksionerende prestasies. Uit die aanhef van die Wet op Hoër Onderwys kan die afleiding gemaak word dat dit hoofsaaklik fokus op gelykheid, ontwikkeling, aanspreeklikheid en kwaliteit. Die aanhef van die Wet op Hoër Onderwys (RSA, 1997:2) dui aan dat die doel van die Wet die volgende is:

I. **Ontwikkeling** van 'n enkele gekoördineerde hoëronderwysstelsel wat samewerkende beheer en bestuur bevorder en programgebaseerde hoër onderwys verskaf;

II. **Herstrukturering en transformering** van programme en instellings om beter te reageer op die republiek se behoeftes ten opsigte van menslike hulpbronne, ekonomie en ontwikkeling;

III. **Regstel** van ongelykhede van die verlede en versekering van verteenwoordiging en gelyke toegang;

IV. **Verskaffing** van optimale geleenthede vir leer en ontwikkeling van kennis;

V. **Bevordering** van waardes wat onderskryf word deur 'n oop en demokratiese gemeenskap wat gebaseer is op menswaardigheid, gelykheid en vryheid;

VI. **Respek** van vryheid van geloof, oortuiging en standpunt;

VII. **Respek** en aanmoediging van demokrasie, akademiese vryheid, vryheid van spraak en uitdrukking, kreatiwiteit, vakkundige leerlingskap en navorsing;

VIII. **Nastreef van uitnemendheid**, deur die volle potensiaal van elke student en werknemer te bevorder, verdraagsaamheid van idees en waardering van diversiteit;

IX. **Reageer** op die behoeftes van die republiek en die gemeenskap wat bedien word deur die instellings;

X. **Dra by** tot die vooruitgang van alle vorme van kennis en vakkundige leerlingskap, deur tred te hou met internasionale standaarde of akademiese kwaliteit; en

XI. **Geniet van** vryheid en outonomiteit in verhouding met die regering binne die konteks van openbare aanspreeklikheid en die nasionale behoefte vir gevorderde vaardighede en wetenskaplike kennis (RSA, 1997: 2).

Die Wet op Hoër Onderwys het aan die Raad vir Hoër Onderwys (CHE) ook statutêre verantwoordelikheid vir kwaliteitsversekering en kwaliteitsbevordering in hoër onderwys verskaf wat deur 'n permanente Hoër Onderwyskwaliteitskomitee (HEQC) uitgevoer sou word. Die werk van die HEQC is onderworpe aan die vereistes van die SAQA-wet. Hierdie funksies van die HEQC is soos volg gestipuleer in die Wet op Hoër Onderwys:

- Bevordering van kwaliteitsversekering in hoëronderwys;
- Oudit van kwaliteitsversekering meganismes van hoëronderwysinstellings; en
- Akkreditasie van hoëronderwysinstellings.

Kwaliteitsverskering word deur die Wet op Hoër Onderwys gebruik as 'n belangrike element in die rol van die Raad op Hoër Onderwys se herstrukturering van hoër onderwys. Dit word ook gebruik as 'n meganisme om beleidsdoelwitte van die regering te bereik (Fourie & Van der Westhuizen, 2002: 53).

### 3.2.4 Vestiging van institusionele forums deur die Wet op Hoër Onderwys (No 101 van 1997)

Die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NCHE, 1996: 203) het voorgestel dat daar institusionele forums binne die nuwe beheer- en bestuurstrukture vir hoër onderwys moet bestaan. Volgens die kommissie moet hierdie forums nie verwar word met werksplek forums wat gemoeid is met arbeidsverhoudinge nie. Institusionele forums word deur artikel 31 van die Wet op Hoër Onderwys (artikel no. 101 van 1997) in die hoëronderwyssektor van die land daargestel.

Institusionele forums is uniek aan Suid-Afrika. Dit het ontstaan uit die Breë Transformasieforums (BTF) wat ontwikkel het gedurende die jare van Suid-Afrika se stryd om vryheid en demokrasie. Breë Transformasieforums is op kampusse ontwikkel om die konsultasie en beleidmakingsprosesse te verbreed. BTF's het 'n aktiewe rol in die transformasie van die hoëronderwyssektor gespeel. Die probleem was egter dat die BTF in ou beheerstrukture van hoër onderwys gesetel was, wat oënskynlik nie agente vir sinvolle verandering was nie. Gedurende die eerste paar jaar van Suid-Afrika se nuwe bestel en tydens die beplanning van onderwysbeleid en -wetgewing, het dit duidelik geword dat beleid en wetgewing alleen nie voldoende sou wees om hoëronderwysinstellings te hervorm en/of te herstruktureer nie. Die rede hiervoor was

dat instellings gevestigde gewoontes by die "ou" hiërargie oorgeneem het deur verstarde denke. BTF's moes volgens Fourie (1996: 241) die volgende drie hooffunksies vervul:

- Dit was 'n tydelike meganisme om instellings te help deur 'n oorgangsproses en moes 'n middeweg tot demokrasie wees – namate die instelling transformeer, sou die nut vir die forum wegval.
- Dit was 'n adviserende liggaam vir herstrukturering en vernuwing.
- Dit sou 'n alternatiewe of revolusionêre raad wees, waar vakbonde en ander voorheen uitgeslote belanghebbendes nie net in 'n adviserende hoedanigheid betrek sou word nie, maar ook in die beleidmakingsproses.


Die behoefte aan 'n transformasie-agent het gevolglik aanleiding gegee tot die ontstaan van institusionele forums. Die fundamentele beginsel onderliggend aan die institusionele forums was dat dit verteenwoordigend van alle rolspelers binne 'n universiteit moes wees en dat dit die raad oor sake moes adviseer wat die instelling raak, met spesifieke verwysing na die Wet op Hoër Onderwys. Die taakgroep vir Beheer en Bestuur van die NCHE in het institusionele forums in 1996 beskryf as adviserende liggame vir herstrukturering en vernuwing, met dieselfde magte, funksies en samestelling wat op verskillende wyses onderhandel kon word by die onderskeie instellings.

'n Stelsel van samewerkende beheer en bestuur is geïmplementeer met die vestiging van institusionele forums. Die stelsel van samewerkende beheer en bestuur is afhanklik van die effektiewe prestasie van vier strukture binne hoëronderwysinstellings, naamlik die raad, uitvoerende bestuur, senaat en die institusionele forum. Ten einde aan die regsverpligting te kon voldoen, moes instellings hul institusionele statute herskryf en 'n proses begin om die beheer- en bestuursraamwerk van 'n instelling vir hoër onderwys te herstruktureer. Die Wet op hoër onderwys stel duidelik wat die doel van elkeen van die vier interne strukture is, naamlik:

- die raad moet die instelling administreer;
- die senaat is aan die raad verantwoordelik vir akademiese en navorsingsfunksies;
- die hoof en uitvoerende bestuur is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die openbare hoëronderwysinstelling; en

- die institusionele forum adviseer die raad oor sake wat die instelling affekteer, insluitend die nasionale hoëronderwysbeleid, gelykheidsbeleid, selektering van senior bestuur, gedragskodes en institusionele kultuur.

**Diagram 3.1: Vier interne strukture van die beheer- en bestuurstruktuur van hoër onderwys in Suid-Afrika** (CHET, 2000:31).




Volgens artikel 31(1)(2)(3) (No. 101 van 1997, Wet op Hoër Onderwys) (RSA, 1997: 26) is die mandaat van institusionele forums binne 'n openbare hoër onderwys instelling om:

*(1)(a) die raad te adviseer ten opsigte van aangeleenthede wat die instelling affekteer, insluitend:*

*(i) die implementering van die Wet en nasionale beleid op Hoër Onderwys;*

*(ii) beleid oor ras- en geslagsgelykheid;*

*(iii) die keuring van kandidate vir senior bestuursposisies ;*

*(iv) gedragskodes; mediasie en dispuut oplossings prosedures;*

*(v) die aanmoediging en uitbouing van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte bevorder en 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en studie skep.*

*(b) uitvoering van sekere funksies soos bepaal deur die raad.*

*(2) Die verteenwoordiging van die institusionele forum van 'n openbare hoëronderwysinstelling moet bestaan uit:*

*(a) die bestuur, soos bepaal deur die institusionele statuut of 'n Wet van die Parlement;*

*(b) die raad;*

*(c) die senaat;*

*(d) die akademiese werknemers;*

*(e) werknemers anders as akademiese werknemers;*

*(f) die studente; en*

*enige ander kategorie soos bepaal deur die institusionele statuut.*

*(3) Die aantal persone, soos uiteengesit in subparagraaf (2) van die Wet op Hoër Onderwys, en die manier waarop hulle aangestel of verkies word, word bepaal deur die institusionele statuut of 'n Wet van die Parlement.*

Volgens die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys se verslag (NCHE, 1996: 205) is die ontwikkeling van 'n gedragskode voorgestel vir die institusionele forum; asook prosedures om 'n dispuut te kan verklaar, en die behoefte om veiligheid en geweld op kampusse aan te spreek. Die vestiging van institusionele strategiese beplanningseenhede om beleidsformulering te versterk en beplanningskapasiteit van instellings asook die vestiging van studenterade met uitvoerende magte was deel van die aanbevelings.

Die doel met die vestiging van institusionele forums op Suid-Afrikaanse kampusse was daarom in ooreenstemming met wetlike riglyne en dit was grotendeels bedoel om 'n bydrae te lewer tot die herstrukturering van beleid en transformasie in hoër onderwys.

## 3.3 TOTSTANDKOMING VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Die transformasieproses wat vanaf 1993 tot 1999 plaasgevind het aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys kan in verskillende fases ingedeel word (Sekoane, 2001: 73-95):

**Fase 1**: 'n Voorbereidende fase wat gekenmerk is deur voorbereidende werk wat gedoen is deur verskillende werks- en belangegroepe soos onder andere die plaaslike gemeenskap, studente, Potchefstroom Civic Association en die totstandkoming van die PUK-forum. Die totstandkoming van die PUK-forum het gelei tot 'n bewustheid ten opsigte van hoe die universiteit homself definieer en homself voortdurend moet ondersoek om sodoende sy regionale, nasionale en internasionale plek te kan bepaal. Die PUK-forum het die besluit geneem dat 'n jaarlikse herdenking van die totstandkoming van die Universiteit op 17 Maart gebruik moet word om toekomstige PUK-forums te hou (Sekoane, 2001: 77).

**Fase 2:** 'n Fondasieleggingsproses wat gekenmerk is deur die totstandkoming van werksgroepe op die Potchefstroom en- Vaaldriehoekkampus. Hierdie groepe moes problematiese aangeleenthede ondersoek en voorlê vir bespreking by die PUK-Forum 2000. Van die sake wat deur die groepe geïdentifiseer is, was die volgende:

| Potchefstroomkampus | Vaaldriehoekkampus |
|---|---|
| Karakter en visie | Visie, missie en karakter |
| Bestuur en beheer | Samestelling van universiteitsraad |
| Taalbeleid | Taalbeleid |
| Toeganklikheid | Bestuur en beheer by Vaaldriehoekkampus |
| Finansiële beleid | Finansiële beleid |

**Fase 3**: 'n **Transformasieloodskomitee** is deur die PUK-forum aangewys, bestaande uit 30 welverteenwoordigende lede om die **ontwerp van die transformasieproses te fasiliteer**. Hierdie Transformasieloodskomitee het die mandaat/opdrag ontvang om:

- toekomstige "inklusiewe" forums te organiseer;
- dokumentasie wat by die forumsessies sou dien, eers te besigtig en vir bespreking in te dien; en
- strukture in plek te kry in die uitvoering van die voorstel van die universiteitsraad.

**Fase 4**: Tydens die herstruktureringsproses is 'n **spitsberaad** gehou waartydens probleme en struikelblokke deur belangegroepe geïdentifiseer is as die weerhouding van hul deelname aan die transformasieproses.

Vier vraagstukke in verskillende areas was deur belangegroepe geïdentifiseer, naamlik:

- struktuur, verteenwoordiging en magte van die transformasieproses;
- beginsels en verbintenis van rolspelers in die proses;
- knelpunte; en
- kapasiteitsbou en bemagtiging.

Hierdie probleemareas is na vier subkomitees verwys gedurende die spitsberaad. Die volle vergadering van die PUK-Forum 2000 het later die voorstelle bespreek.

Die spitsberaad het gelei tot die totstandkoming van die Breë Transformasieforum (BTF) op die Potchefstroomkampus en die Watuni Transformasieforum (WTF) op die Vaaldriehoekkampus. Hierdie liggame was verteenwoordigend van alle rolspelers binne die universiteit, soos onder andere bestuur, studentekorps, akademiese personeel, ondersteuningspersoneel, vakbonde en verteenwoordigers van die plaaslike regering.

**Fase 5**: Die Breë Transformasieforum (BTF) en Watuni Transformasieforum (WTF) is na etlike jare in hulle onderskeie rolle deur die raad versoek om te adviseer oor die vestiging van 'n institusionele forum by die PU vir CHO. Na oorweging van die naam vir die forum, ledetal en samestelling is elke belanghebbende groep binne die universiteit versoek om hul eie prosesse te ontwikkel vir die aanwys van lede. Belangegroepe is veral daarvan bewus gemaak om sensitief te wees vir ras en geslag, die aard van die universiteit, insluitend die multikampussituasie, waar 'n gedeelte van die PU vir CHO op die Vanderbijlpark kampus gesetel was.

Na afloop van verkiesings en/of aanwysings van lede binne die verskillende belangegroepe van die universiteit is die **institusionele forum** op 28 Julie 1999 **saamgestel** en **gekonstitueer.** Die forum het 'n nuwe bestel volgens artikel 31(1)-(3) van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, vir die universiteit ingelei. Die bydrae van die forum binne die universiteit kon wissel van swak tot heelwat interaktief, afhangend van hoe dit aangewend sou word volgens die beginsel van samewerkende beheer en bestuur. Die IF kon volgens sy mandaat, soos uiteengesit in die Wet op Hoër Onderwys, om advies genader word deur die raad en bestuur. Sou die bestuur en raad nie die forum gebruik nie sou dit beteken dat die interaksie van die forum in die instelling swak funksioneer. Lede moes egter ingedagte hou dat, soos vroeër genoem, die totstandkoming van hierdie forum nie was om arbeidsgeskille te besleg nie.

Die samestelling van die institusionele forum op 28 Julie 1999 was soos volg:

**Diagram 3.2: Samestelling van die Institusionele Forum op 28 Julie 1999 volgens paragraaf 48 van die statuut van die PU vir CHO**

| Kategorie | Aantal lede |
|---|---|
| Raad | 1 |
| Bestuurskomitee | 1 |
| Senaat | 3 |
| Akademiese Personeel | 3 |
| Vakbonde | 3 |
| Ondersteuningspersoneel (Potchefstroom Kampus) | 1 |
| Ondersteuningspersoneel (Vaaldriehoekkampus) | 1 |
| Studente – Potchefstroom | 4 |
| Studente – Vaaldriehoek | 2 |
| Plaaslike Regering (Potchefstroom) | 1 |
| Plaaslike Regering (Vaaldriehoek) | 1 |
| Konvokasie | 1 |
| Bond van Oud-Pukke | 1 |
| **TOTAAL** | **23** |

(PU vir CHO, 1999-07-28:3)

Mnr. TP Venter is as die eerste voorsitter van die Institusionele Forum aangewys tydens die konstituerings vergadering op 28 Julie 1999. Driejaartermyne is vir lede van die forum aanbeveel, behalwe vir lede van die studenteraad, wat 'n eenjaartermyn sou dien. Geen beperking is ook geplaas op die aantal termyne wat lede in die forum kon dien nie.

Die BTF en WTF het volgens Sekoane (2000: 104-106) aanbeveel dat die IF homself struktureer ten opsigte van 'n aantal substrukture, insluitend die reg om nie-IF-lede op

die substrukture te kan koöpteer. Die samestelling van 'n tegniese komitee om versoeke en of beleidstukke van die raad te oorweeg en staande komitees om kampusaangeleenthede te oorweeg, is voorts aanbeveel. Die BTF en die WTF het ook aan die universiteit voorgestel dat die statuut en/of privaatwet van die PU vir CHO voorsiening moes maak vir die IF om sy eie reëls te ontwikkel. Die IF is versoek om die gevestigde prosedures van die BTF en WTF verder te ontwikkel.

## 3.4 SAMEVATTING

Die vestiging van institusionele forums binne die Suid-Afrikaanse hoëronderwyslandskap het nuwe uitdagings na vore gebring (3.2.4). Institusionele forums is adviserende liggame met die doelstelling om waarde aan die proses van verandering by hoëronderwysinstellings teweeg te bring. Die vestiging van die IF aan die PU vir CHO moes ook aan hierdie doelstelling voldoen.

Tydens 'n nasionale vergadering rakende institusionele forums wat deur die Sentrum vir Hoër Onderwys Transformasie (CHET) georganiseer is, het afgevaardigdes aangedui dat hulle probleme ervaar met betrekking tot die spesifieke rol van die IF in tersiêre instellings. Baie forums het 'n identiteitskrisis in hul pogings om 'n plek vir hulself binne die beheer en bestuur van hoër onderwys te vestig ervaar.

Die IF aan die PU vir CHO het oënskynlik ook met hierdie probleem kennis gemaak. Sy rol was alles behalwe soos uitgespel deur die 1997 Wet op Hoër Onderwys. In die volgende hoofstuk word gekyk na die probleme waarmee die IF gekonfronteer is in sy rol in transformasie van die PU vir CHO.

# HOOFSTUK 4

# PROBLEME MET BETREKKING TOT DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM AAN DIE PU VIR CHO

## 4.1 INLEIDING

Die vestiging van institusionele forums in hoëronderwysinstellings wat in November 1997 in die parlement afgekondig is, het besondere uitdagings aan instellings gestel. Van die uitdagings was die volgende:

- Die kernbesigheid en spesifieke rol van die IF's moes binne die huidige konteks van hoër onderwys bepaal en uitgeklaar word. Forums het 'n identiteitskrisis beleef in hul pogings om vir hulself 'n plek te definieer binne die beheer- en bestuurstelsels van onderwysinstellings.
- Kampusse het heelwat verskil ten opsigte van die manier waarop hulle die vestiging en funksionering van die forums geïnterpreteer het.
- Forums is nie as hoogs effektief beleef nie. Baie instellings het steeds die beginsel van samewerkende beheer en bestuur geïgnoreer.
- 'n Wanbalans in lidmaatskap is binne die forums ondervind en vakbonde het 'n groot deel van die ledetal uitgemaak.

Soortgelyke probleme is ook ondervind by die PU vir CHO. Die vernaamste probleme wat deur die IF ondervind is gedurende 1999-2003, is geïdentifiseer deur die ontleding van notules van die IF, verslae aan die Universiteitsraad deur die IF en ander relevante bronne. Hierdie probleme is ook in verskeie voorleggings aan die raad en bestuur van die PU vir CHO vervat en dit sal bespreek word waar relevant. Stawing van inligting is daarom verkry uit primêre bronne, en in die meeste gevalle was dit dan ook die enigste bronne wat oor hierdie aangeleentheid handel.

Die empiriese ondersoek is verder gesteun deur die ontwikkeling van 'n vraelys, die bepaling van die populasie, die meting van response, en die analisering en interpretering van die resultate.

## 4.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE WAT GEVOLG IS

Navorsingsmetodologie of -metodes dui op die beplanning, strukturering en uitvoering van navorsing ten einde die fundamentele waarheid ten opsigte van 'n spesifieke probleem te kan ontsluit (Brynard & Hanekom, 1997: 28). Navorsingsmetodologie fokus op die proses van navorsing en die besluite wat die navorser moet neem oor hoe data versamel sal word ten einde wetenskaplike resultate en bevindinge te kan maak. Dit beteken dat die gepaste navorsingsmetodes en -tegnieke vir data-insameling geselekteer moet word en dat data-ontleding nougeset moet wees, om te verseker dat die probleem aangespreek word en dat bevindinge verantwoordbaar is (Brynard & Hanekom, 1997: 28).

Die studie kan breedweg as historiese navorsing beskou word, waar 'n gebeurlikheid wat in die verlede in 'n instelling plaasgevind het, ondersoek word. Historiese navorsingstudies behels onder meer die navorsing van die stroomvloei van gebeure en die opvolg van veranderinge in menslike lewens en instellings, soos taal, gebruike, filosofie, geloofsoortuigings, kuns, argitektuur en so meer. Historiese navorsing het derhalwe ten doel om gebeure uit die verlede te kontekstualiseer en te bepaal waarom sekere handelinge met bepaalde gebeure in verband gebring kan word (Leedy & Ormrod, 2001: 172).

Historiese metodiek het nie net ten doel om feite te akkumuleer nie, maar die feite moet ook geïnterpreteer word om sin daaraan te koppel. Die interpretering van data staan sentraal in navorsing en aan die hand daarvan kan bevindinge gemaak word (Leedy & Ormrod, 2001:172). Tydens die studie van gebeure in historiese navorsing word dit duidelik dat daar 'n patroon is wat die gebeure aanmekaar heg en dit betekenisvol maak. Die taak van die historiese navorser is nie net om te beskryf watter gebeure plaasgevind het nie maar om 'n feitelike, logiese, gefundeerde rasionaal te verskaf wat verduidelik waarom dit gebeur het. Dit gee aanleiding tot die betekenisvolle kristallisering van die feite en gebeure. Oorspronklike dokumente word gewoonlik gebruik in historiese navorsing hoewel artefakte ook bestudeer kan word (Brynard & Hanekom, 1997: 6).

Historiese navorsing is volgens Leedy en Ormrod (2001:172) nie net die domein van geskiedkundiges nie, maar dit kom ook onder andere in dissiplines soos geografie, antropologie, psigologie, literatuur, linguistiek en Publieke Administrasie voor.

### 4.2.1 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

In sosiale wetenskappe word hoofsaaklik twee soorte navorsingsmetodologieë of metodologiese modelle onderskei, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie. Ten einde die navorsingsvrae van 'n studie te kan beantwoord moet 'n diepte-ondersoek gedoen word om die verskynsel wat bestudeer word te kan verstaan.

Kwalitatiewe navorsing omvat verskeie benaderings wat grootliks van mekaar kan verskil. Tog het alle kwalitatiewe navorsing twee aspekte in gemeen, naamlik (Leedy & Ormrod, 2001:147):

- Dit fokus op verskynsels wat in die reële werklikheid of wêreld voorkom.
- Dit omvat die bestudering van sulke verskynsels in al sy kompleksiteit.

Kwalitatiewe navorsing probeer nie om die werklikheid te vereenvoudig nie en erken dat verskynsels uit verskillende dimensies bestaan en al die dimensies moet in ag geneem word wanneer so 'n verskynsel bestudeer word (Leedy & Ormrod, 2001:172). In aansluiting by die historiese agtergrond van die studie wat in 4.2 genoem is, sal daar ook gebruik gemaak word van kwalitatiewe navorsing.

Die meeste kwalitatiewe navorsers strewe na objektiwiteit in hulle navorsing. Hulle glo dat hulle observasies nie beïnvloed moet word deur enige persepsies, indrukke en bevooroordelinge wat hulle mag hê nie. Deur objektiwiteit te behou word kanse vergroot om die fundamentele waarheid te bepaal. 'n Navorser se interpreteringsvermoë van wat hy/sy sien is van kritieke belang vir die verstaan van enige sosiale verskynsel. Die navorser word hier as't ware 'n instrument van sy eie studie (Leedy & Ormrod, 2001:147).

### 4.2.2 Doel met kwalitatiewe navorsing

Die doel van kwalitatiewe navorsing is om by uitstek 'n goeie studie te wees. Kwalitatiewe navorsing verwys gewoonlik na beskrywende data, hetsy mensgeskrewe of -gesproke woorde. Brynard en Hanekom (1997: 29) dui aan dat die noodsaaklike toestand of kwalifikasie vir kwalitatiewe metodologie 'n verbintenis is om die wêreld vanuit die oogpunt van die deelnemer/akteur te sien. So 'n verbintenis om 'n aangeleentheid vanuit iemand anders se oogpunt te sien vereis noue betrokkenheid. Die fundamentele tema van kwalitatiewe navorsing is fenomenologies van aard, waar die deelnemer se perspektief die empiriese vertrekpunt is: dit fokus daarom op die werklike lewenservaring van mense.

Wanneer relatief min informasie oor 'n bepaalde onderwerp/studie bestaan, kan kwalitatiewe navorsing help definieer wat belangrik is of wat behoort bestudeer te word. Die sosiale wetenskaplike sal na interpretering van historiese data subjektief kyk vir patrone binne die komplekse verskynsel wat geobserveer word (Leedy & Ormrod, 2001:148). Kwalitatiewe navorsers formuleer gewoonlik algemene navorsingsvrae oor die navorsingsprobleem en fenomeen/verskynsel wat bestudeer word. Soos die studie vorder word die navorser in staat gestel om beter navorsingsvrae te vra. Dit help die navorser om die metode van ondersoek te bepaal, wat deeglike beplanning en voorbereiding vereis. Dit is belangrik dat die navorser goed opgelei is in observasietegnieke, onderhoudstrategieë en enige ander data-insamelingsmetodes wat benodig word om die navorsingsprobleem op te los (Leedy & Ormrod, 2001: 148).

Die versameling van data is van kardinale belang in kwalitatiewe navorsing. Data vir hierdie studie is onder meer versamel deur middel van observasies wat gemaak is van afgelope gebeure; amptelike dokumente/rekords is ontleed en onderhoude is met lede van die institusionele forum gevoer.

Die hipotese van hierdie navorsing is spesifiek van aard en daar moet daarom getoets word om te bepaal of dit reg of verkeerd is – dit dui op 'n kwantitatiewe benadering. In hierdie studie is daar ook 'n kwantitatiewe benadering gevolg en lede van die Institusionele Forum by die PUK is gevra om 'n vraelys te voltooi om hul siening te gee

van die probleme wat die navorser geïdentifiseer het, deur dit te bevestig of daarvan te verskil.

Binne die historiese konteks word daar kwalitatief (Leedy & Ormrod, 2001: 102):

- neergepen wat die persepsie van die navorser oor die aangeleentheid is en hoe hy inligting interpreteer;
- inligting versamel, ontleed en geïnterpreteer;
- binne 'n bepaalde konteks na die probleem gekyk; en
- die bevindinge van die studie in woorde weergegee.

Binne die historiese konteks word daar kwantitatief (Leedy & Ormrod, 2001: 102):

- bevestig of die persepsie van die navorser deur ander betrokkenes gedeel word;
- inligting wat versamel is, ontleed om te verifieer;
- ook uit 'n bepaalde konteks gekyk; en
- die bevindinge van die studie in syfers weergegee.

Die empiriese benadering wat in hierdie studie onderneem is, is gevolglik eiesoortig.

## 4.3 VERSAMELING VAN DATA

Die volgende metodes is benut om data te versamel:

- observasies;
- ontleding van amptelike dokumente;
- onderhoude; en
- vraelyste.

Elk van hierdie metodes word vervolgens bespreek.

### 4.3.1 Observasie

Tydens hierdie studie is gebruik maak van die observasie van gebeure. Hierdie metodes sluit onder andere in 'n literatuuropname en bywoning van vergaderings van

die Institusionele Forum. Observasie gee 'n ware refleksie weer van wat gebeur het in 'n gegewe oomblik in tyd.

### 4.3.2 Ontleding van amptelike dokumente/rekords

Ten einde aan die doelwitte van die studie te voldoen, was dit nodig om 'n literatuurstudie te doen wat, artikels oor transformasie, ongepubliseerde notules en verslae van die IF, toesprake, regeringskennisgewings en wetgewing, nuusartikels en die primêre bronne van transformasie by die PU vir CHO insluit. Die notules en verslae van die IF is gebruik as primêre bronne.

Die voordeel wat die gebruik van 'n literatuur studie inhou, is onder andere om:

- perspektief oor die jongste navorsingsbevindinge aangaande die onderwerp te verkry;
- aanduiding te verkry van die beste metodes, meetinstrumente en statistieke wat gebruik gaan word;
- eie navorsingsresultate te interpreteer; en
- die aktualiteit van die navorsing te bepaal (Brynard & Hanekom, 1997: 31).

### 4.3.3 Onderhoude

Gestruktureerde vraelyste met oop vrae is onder oudlede van die IF versprei om sodoende hul opinie rakende die navorsingstudie te verkry. Onderhoude is met lede van die IF gevoer deur middel van die gestruktureerde vraelyste. Hierdie vraelyste handel oor die probleme wat geïdentifiseer is en wat die effektiwiteit van die IF aan die PUK beïnvloed het. Hierdie onderhoude en vraelyste moes help om te bepaal hoe die deelnemers die waarnemings en studie van die navorser ervaar en tot watter mate hulle dit ondersteun.

Vir die doel van hierdie studie is die onderhoude en vraelyste deeglik beplan en onder die teikengroep versprei. Toestemming by deelnemers is verkry en die versekering van vertroulikheid is aan alle deelnemers gegee. Afsprake is vooruit gemaak. Objektiwiteit is deur die navorser behou om sodoende te onderskei tussen feite en persepsies van deelnemers asook dié van die navorser (Brynard & Hanekom, 1997: 32-33).

## 4.4 IDENTIFISERING VAN PROBLEME WAT DIE IF ERVAAR HET

Ten einde die strekking van hierdie hoofstuk beter te verstaan en in verband te bring met die studie is dit noodsaaklik dat die term *probleem* vollediger omskryf word. Die term word volgens die HAT (2000: 859) gedefinieer as 'n vraagstuk of moeilikheid wat opgelos moet word. 'n Vraagstuk verwys op sy beurt na 'n probleemkwessie wat as sodanig ook opgelos moet word. Die term kan verder gekoppel word aan die volgende sinonieme woorde, naamlik *struikelblok*, *hindernis*, *moeilikheid*, *vraagstuk* asook *raaisel*. Hierdie woorde verklaar almal dat daar 'n bepaalde probleem, hindernis, raaisel, struikelblok, vraagstuk en moeilikheid is wat opgelos moet word. 'n Probleemanalise is nodig om die situasie op te los deur die wortel van die probleem sowel as die simptome te identifiseer.

### 4.4.1 Hoe probleme geïdentifiseer is

Die navorser het die probleme (in 4.5) geïdentifiseer deur middel van observasiemetodes wat gebruik is. Hierdie metodes (soos aangedui in 4.3.1) sluit onder andere in die versameling van literatuuropnames/-oorsigte, ontleding van notules en verskeie voorleggings van die IF, asook verslae aan die raad en bestuur van die PU vir CHO en ander relevante bronne, die opstel van vraelyste, persoonlike onderhoude en steekproewe onder 'n bepaalde teikengroep. Stawing van inligting is dus verkry uit primêre bronne en in die meeste gevalle was dit dan ook die enigste bronne wat oor hierdie aangeleentheid beskikbaar was.

### 4.4.2 Identifisering van subprobleme

Hierdie navorsing poog om die probleemstelling en hipotese in beheerbare subprobleme op te deel. Volgens Leedy & Ormrod (2001:5) is die opdeel van 'n oorhoofse navorsingsprobleem in 'n aantal kleiner subprobleme 'n strategie wat gevolg word om die primêre doel beter te verstaan. Hierdie strategie vergemaklik ook die oplossing van 'n probleem. In hierdie studie is die vraag byvoorbeeld gevra of die Institusionele Forum aan die PU vir CHO in sy doel geslaag het om transformasie aan te moedig gedurende die tydperk 1999 tot 2003.

Wanneer 'n navorsingsprobleem van naderby geïnspekteer word, ontdek die navorser gewoonlik ander belangrike subprobleme. Deur elk van die subprobleme te identifiseer kan die navorser makliker die oorhoofse probleem oplos. Indien makliker probleme of subprobleme nie deur 'n navorser opgelos word nie kan hy/sy navorsingsprojek omslagtig of onhanteerbaar word (Leedy & Ormrod, 2001: 6).

## 4.5 PROBLEME WAT GEÏDENTIFISEER IS RAKENDE DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM BY DIE PUK

Ter agtergrond kan daar weer kortliks na die rol verwys word wat deur wetgewing aan Institusionele Forums toegewys is. Forums moes toesien dat (Wet op Hoer Onderwys 101 van 1997):

- wetgewing rakende nasionale beleid van die Hoëronderwyssektor geïmplementeer word;
- beleid rakende ras- en geslagsregverdigheid daargestel word;
- die keuring van kandidate vir senior bestuursposte in universiteite voldoen aan bepaalde vereistes;
- gedragskodes, mediasie en dispuutoplossingsprosedures ontwikkel word; en
- die uitbouing van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir menseregte bevorder, geskep word.

Tydens die studie (observasie en ontleding van dokumente) het die onderstaande probleme na vore gekom wat 'n wesentlike invloed op die effektiewe funksionering van die forum kon gehad het. Die graad van die probleme is in hierdie stadium nog nie bepaal nie en daar is ook nog nie bepaal hoe die lede die probleme ervaar het, en of hulle dit ook as probleme ervaar het nie.

Tydens die studie het daar agt wesentlike probleme na vore gekom wat 'n invloed op die effektiewe werking van die IF kon gehad het tussen 1999 en 2003. Die probleme word vervolgens bespreek.

### 4.5.1 Probleem 1: Gebrek aan erkenning deur bestuur en raad

Die eerste (en moontlik die vernaamste probleem) blyk te wees dat daar 'n gebrek aan erkenning deur die PU vir CHO-universiteitsraad en -bestuur ten opsigte van die rol en bestaansreg van die IF binne die Universiteit gedurende 1999 tot 2003 was. Die IF, as raadgewende liggaam, is volgens beskikbare data nie ernstig deur Universiteitsbestuur opgeneem nie. Dit het beteken dat die IF in 'n vakuum geopereer het en dat daar onder andere nie in amptelike dokumentasie (behalwe die Statuut van die PU vir CHO) na die IF verwys is nie. Daar is ook nie melding van die bestaansreg van die IF in die jaarboek en webblaaie van die PU vir CHO gemaak nie. In 'n soektog op die universiteitswebblad: www.puk.ac.za (gedurende 2003) kon geen verwysing rakende die bestaan van die Institusionele Forum gevind word nie. Die voorsitter van die IF was ook nie deel van enige protokollys van die Universiteit nie.

Hierdie probleem druis in teen wetgewing (Wet op Hoër Onderwys No. 101 van 1997) dat 'n IF as raadgewende liggaam moet opereer en as sodanig deur universiteitsbestuur erken moet word (sien hoofstuk 3).

### 4.5.2 Probleem 2: Volgens die mandaat van die IF kon die liggaam nie volgehoue kwalitatiewe bydrae lewer tot besluitnemingsprosesse nie

Alhoewel die rol van institusionele forums duidelik in die Wet op Hoër Onderwys No. 101 van 1997 in Artikel 31(1)(a),(b) en (c) beskryf is, het dit in die praktyk gebeur dat die rol van die IF by die PU vir CHO misken is en gevolglik nie sy mandaat, soos in die Wet op Hoër Onderwys uiteengesit, kon volvoer nie. Gedurende die eerste ses maande van die IF se bestaan in 1999 is die liggaam nie versoek om advies aan die raad te verskaf oor enige van die belangrike kwessies, soos gestipuleer in die Wet, nie. Hierdie verskynsel het deurgaans vir die periode 1999 tot 2003 gegeld (IF, 1999-2003).

Die IF is ook nie by beleidbepaling van relevante beleid betrek nie en beleid is deur die Raad neergelê sonder dat die IF in sommige gevalle insette kon lewer. In hierdie verband is beleid oor diversiteit, gelykheid en menseregte bepaal sonder die insette van die IF, alhoewel hierdie sake direk op die terrein van die IF geval het. Die IF is in die reël oor beleid gekonsulteer nadat dit reeds goedgekeur is. In sekere gevalle het die IF

uit eie inisiatief advies aan die Raad oor transformasiesake gelewer, maar daar is in dokumentasie vasgestel dat daar nie op sodanige advies gereageer is nie en dat daar in die meeste gevalle selfs nie terugvoer rakende hierdie advies aan die IF gelewer is nie (IF, 1999-2003).

### 4.5.3 Probleem 3: Forumlede was nie gemotiveerd genoeg om aan vergaderings deel te neem nie

As gevolg van probleme in 4.5.1 en 4.5.4 het daar onder die oorgrote meerderheid van die lede van die forum apatie ontstaan om vergaderings by te woon en sinvol aan gesprekneming deel te neem. Lede was oënskynlik nie gemotiveerd om vergaderinge by te woon nie. Waar belangrike werkafsprake gebots het met die tydgleuf van die forum, het lede voorkeur gegee aan werksverwante pligte. Hierdie probleem is sigbaar in die lae bywoningsyfers van lede en is so genotuleer na vergaderings. Nog 'n rede wat moontlik tot die apatie onder lede aanleiding gegee het, was die feit dat lede verkies is tot die forum, maar vrywillig daaraan deelgeneem het. Hierdie verkose lede moes die belange van die instelling op die hart dra ten einde die forum se bydrae tot die instelling sinvol en effektief te maak.

### 4.5.4 Probleem 4: Besluitnemingsperiode in die IF is baie beperk

Die besluitnemingsperiode oor sake wat by die forum bespreek is, was in baie gevalle baie eng/beperk vir die forum. Lede was byvoorbeeld versoek om advies te lewer rondom die aanstelling van senior bestuurslede enkele dae voordat die Raad daaroor sou besluit. Indien daar nie 'n voldoende kworum of konsensus by so 'n vergadering bereik kon word nie, is die IF se gesagsbasis geërodeer. In so 'n geval is lede versoek om besluite *round robin* goed te keur, wat nie altyd effektief was nie.

### 4.5.5 Probleem 5: Administratiewe ondersteuning

Die IF het geen permanente personeellede gehad om prosesse te dryf en te administreer nie. Dit het daartoe gelei dat die forum nie projekte wat met transformasie verband hou, kon onderneem nie. Weens die feit dat lede vrywillig in die IF dien, is ook ondervind dat daar nie 'n effektiewe sekretariële funksie geskep is nie en dat 'n administratiewe onderbou nie bestaan het nie. Die miskenning van 'n administratiewe

basis het ook daarop gewys dat die IF se rol in transformasie nie werklik deur die Universiteit erken is nie (IF, 1999-2003). Voorvermelde het daartoe gelei dat die IF, as adviserende liggaam aan die Raad en bestuur, nie toegerus was om sy rol effektief te kon uitvoer nie.

Die kantoor van die adjunkregistrateur het deur die lewering van 'n sekretariële funksie 'n mate van ondersteuning aan die IF verskaf wat betref die afneem van notules, die saamstel van agendas en die uitstuur daarvan aan lede. Die hulp was egter nie deurlopend genoeg nie.

### 4.5.6 Probleem 6: Posisie van die voorsitter: Tydsbesteding aan IF-sake

Die posisie van die voorsitter om aandag aan sake van die IF te bestee was nog 'n probleemarea. Omdat die IF geen voltydse administratiewe personeel gehad het nie, was dit moeilik vir die voorsitter om as personeellid van die instelling en voorsitter van die forum tegelyk op te tree. Die voorsitter moes soos ander lede van die forum IF-sake skeduleer rondom sy werksverpligtinge. In baie gevalle moes werksprioriteite van die voorsitter voorkeur geniet bo forumsake en andersom. Effektiewe leiding aan die werksaamhede van die forum is gevolglik benadeel.

### 4.5.7 Probleem 7: Menseregtemoniteringsfunksie struktureel weggeneem

Die ontwikkeling van 'n menseregtekommissie vir die instelling het daartoe bygedra dat die rol van die forum ten opsigte van die monitering van menseregte afgeskaal is. Dit het onder andere daartoe bygedra dat die forum nie gereeld advies oor menseregte sake kon lewer nie. Sake wat hieronder gely het of gevalle waar die forum gemarginaliseer is, is onder andere sake oor beleid rakende ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, mediasie en dispuutoplossingsprosedures, die aanmoediging en uitbouing van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte bevorder en 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en studie skep. Die Forum het daarom nie voldoende bydrae oor hierdie sake gelewer nie.

### 4.5.8 Probleem 8: IF nie aktief deel van die samesmeltingsproses nie

Lede van die IF is nie aktief betrek by die samesmeltingsproses wat tot die ontstaan van die Noordwes-Universiteit gelei het nie. Voordat die "nuwe" Universiteit in 2004 gestig

is, het verskeie samesprekings deur middel van taakspanne tussen die Universiteit van Noordwes (Unibo) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUK) plaasgevind. Taakspanne het onder andere bestaan uit die Joint Oversight Committee vir raadslede, Joint Management Team vir bestuur, en die Joint Senate's Committee vir senaatslede. 'n Gesamentlike komitee vir die IF is eers teen November 2003 in die lewe geroep, en dit het aanleiding gegee daartoe dat die IF nie aktief deel was van samesprekings rondom die samesmeltingsproses tussen Unibo en die PUK nie. Om die IF aan die einde van die proses te betrek, het weereens 'n demper geplaas op sy mandaat soos uiteengesit in die Wet op Hoër Onderwys.

Indien daar weer besin word oor die rol wat 'n forum moet speel blyk die volgende belangrik te wees:

Volgens artikel 31(1)(2)(3) (No. 101 van 1997, Wet op Hoër Onderwys) (RSA, 1997: 26) is die mandaat van institusionele forums binne 'n openbare hoër onderwys instelling om:

*(1)(a) die raad te adviseer ten opsigte van aangeleenthede wat die instelling affekteer, insluitend:*

- *(i) die implementering van die Wet en nasionale beleid op Hoër Onderwys;*
- *(ii) beleid oor ras- en geslagsgelykheid;*
- *(iii) die keuring van kandidate vir senior bestuursposisies ;*
- *(iv) gedragskodes; mediasie en dispuut oplossings prosedures;*
- *(v) die aanmoediging en uitbouing van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte bevorder en 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en studie skep.*

Met voormelde as agtergrond kan die aanname gemaak word dat die IF nie tot sy volle potensiaal binne die Universiteitstruktuur aangewend is nie. Hierdie probleme het direk daartoe aanleiding gegee dat transformasie en aangeleenthede rondom transformasie nie sinvol deur die Universiteit aangespreek is nie. Die afleiding kan selfs gemaak word dat die Universiteit in die tydperk 1999 tot 2003 nie erns met transformasie gemaak het nie.

Ten einde die vlak van die probleme te bepaal en te verseker dat dit ook as probleme deur die ander forumlede beskou is, is onderhoude met sodanige lede gevoer. Vraelyste is ook aan die lede voorsien waarin hulle kon aandui hoe hulle die probleme interpreteer en wat die erns van die probleme was. Sodoende kon daar ook bepaal word of die probleme 'n invloed op die effektiewe werksaamheid van die forum gehad het.

## 4.6 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS EN POPULASIE

Die vraelys bestaan uit drie afdelings (sien Bylaag A). Afdeling A (biografiese inligting), wat vraag 1-3 behels, sluit die profiel van die respondente in. Respondente is gevra om hul geslag, aantal jare as lid van die forum en die belangegroep wat hulle verteenwoordig het binne die forum aan te dui.

Afdeling B fokus op vrae oor die agt geïdentifiseerde probleme rakende die werksaamhede van die Institusionele Forum. In hierdie afdeling moes vasgestel word of respondente die probleme wat deur navorser geobserveer is, ook ondervind het, en indien wel, tot watter mate. Twee vrae is per probleem gevra en die geïdentifiseerde probleme is nie verbatim aan die lede voorsien nie. Afleidings kon egter deur hulle gemaak word na aanleiding van die konstruksie van elke vraag.

In afdeling C is respondente die geleentheid gegee om ander probleme te lys wat nie in die vraelys verskyn het nie. Identifisering van ander probleme kan moontlik as versterking dien om te wys dat die forum in die tydperk 1999 tot 2003 nie effektief gefunksioneer het nie.

Vrae in die vraelys is geformuleer volgens 'n vyfpuntskaal en is saamgestel om die volgende te toets:

- die hipotese;
- hoe die Wet op Hoër Onderwys geïnterpreteer is aan die PU vir CHO; en
- of die Institusionele Forum aan die PU vir CHO in sy doel geslaag het om *transformasie aan te moedig gedurende die tydperk 1999 tot 2003.*

Die respondente moes hul keuse aandui op die volgende manier:

1 = Stem glad nie saam nie.

2 = Stem nie saam nie.

3 = Nie bewus van enige probleem nie.

4 = Stem saam.

5 = Stem volkome saam.

Die vraelys is versprei onder 17 van die 22 oudlede van die Institusionele Forum wat vir die tydperk 1999-2003 in die liggaam gedien het. 5 van die vorige lede kon nie opgespoor word nie. Vrae is so duidelik en ondubbelsinnig moontlik gestel en respondente het nie probleme ondervind om dit te beantwoord nie.

## 4.7 EMPIRIESE STUDIE EN BEVINDINGE

In hierdie afdeling sal die response van die oudlede van die IF geanaliseer en bespreek word. Hierdie bespreking is in lyn met die hipotese en doelwitte van die studie soos uiteengesit in hoofstuk 1. Vrae het op die volgende aspekte gekonsentreer, wat die hoofdoelwitte van die studie verteenwoordig:

- om te bepaal wat transformasie binne die hoëronderwyssektor behels het (hoofstuk 2);
- om te bepaal waarom institusionele forums deur die Wet op Hoër Onderwys in die hoëronderwyssektor gevestig is (hoofstuk 3); en
- om die werksaamhede en ondervindingsprobleme van die IF aan die PU vir CHO te ondersoek en te analiseer (hoofstuk 4).

Die algemene hipotese vir hierdie navorsing kan soos volg geformuleer word:

*Die institusionele forum aan die PU vir CHO het in die tydperk 1999 tot 2003 nie ingevolge die Wet op Hoër Onderwys tot sy volle potensiaal gefunksioneer nie en nie 'n substantiewe bydrae tot transformasie gemaak nie.*

15 Vraelyste is terugontvang, wat 88% van die populasie uitmaak vir die studie. Vir 'n studie van hierdie omvang word die steekproef as voldoende beskou en kan sinvolle

afleidings van die persepsies van die lede gemaak word. 'n Sestiende persoon het wel 'n onderhoud toegestaan en sy mening was dat die IF in hierdie tydperk wel 'n bydrae tot transformasie in die PUK gelewer het. Sy siening kon egter nie gekwantifiseer word nie en dit word daarom buite die omvang van die studie behandel.

### 4.7.1 AFDELING A: PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE

Afdeling A van die vraelys fokus op die respondente se profiele. Die profiel hou verband met die geslag van die respondent, aantal jare wat die respondent in die Institusionele Forum gedien het asook watter belangegroep die respondent in die forum verteenwoordig het.

Die respons op afdeling A van die vraelys word in die onderstaande tabelle opgesom:

#### A1. Geslag van die respondente

| **Geslag** | **Persentasie** |
|---|---|
| Manlik | 73% |
| Vroulik | 27% |

#### A2. Aantal jare wat die respondent in die forum gedien het

Een respondent het meer as vyf jaar in die forum gedien.

| **Jare diens** | **Persentasie** |
|---|---|
| 1-3 jaar | 60% |
| 3-5 jaar | 33% |
| 5 of meer | 7% |

**A3. Watter belangegroep het respondent in die forum verteenwoordig**

| Belangegroep | Persentasie |
|---|---|
| Raad | 0% |
| Bestuur | 7% |
| Senaat | 20% |
| Akademiese Personeel | 20% |
| Vakbond | 20% |
| Ondersteuningspersoneel | 26% |
| Studente | 0% |
| Plaaslike regering | 0% |
| Konvokasie | 7% |
| Bond van Oud-Pukke | 0% |

**Interpretasie van die respondente se profiel**

Vraag A1: Die statistiek toon aan dat 27% van die respondente wat deelgeneem het, vroulik was terwyl 73% manlik was. Hierdie statistiek is nie ongewoon nie omdat die verteenwoordiging in die forum vanaf 1999 tot 2003 beduidend manlik was.

Vraag A2: Die status van lidmaatskap in die forum dui aan dat 60% van die respondente 'n een- tot driejaartermyn uitgedien het. 33% is vir 'n tweede termyn verkies terwyl slegs 7% meer as vyf jaar in die forum gedien het.

Vraag A3: Verskillende belangegroepe maak deel uit van die lidmaatskap van die forum wat elk lidmate aanwys deur middel van 'n kiesers prosedure wat gevolg is. Respondente in die volgende belangegroepe het deel uitgemaak van die steekproef vir hierdie studie: bestuur 7%, senaat 20%, akademiese personeel 20%, vakbonde 20%, ondersteuningspersoneel 26% en die konvokasie 7%. Van die ander belangegroepe, soos onder andere die studente, kon nie opgespoor word aangesien hulle afgestudeer het.

### 4.7.2 AFDELING B: PROBLEME RAKENDE DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die resultate van die vrae in afdeling B van die vraelys word in die onderstaande tabelle opgesom. Die vrae in die afdeling hou verband met die derde doelwit van die studie, naamlik om te bepaal of die Institusionele Forum aan die PU vir CHO in sy doel geslaag het om transformasie aan te moedig gedurende die tydperk 1999 tot 2003 (die eerste doelwit van die studie is behandel in hoofstuk twee van die studie en die tweede doelwit in hoofstuk drie).

Die resultate van die vrae behoort 'n aanduiding gee van die werksaamhede van die IF aan die PU vir CHO en of die respondente met die hipotese saamstem.

**Probleem B1: Die Universiteitsraad het 'n gebrek aan erkenning getoon ten opsigte van die rol wat die IF moes speel by die PUK.**

Die doel van die vraag was om te bepaal of oudlede van mening was dat die Raad genoegsame erkenning aan die IF verleen het ten opsigte van die liggaam se rol as adviserende instelling binne die Universiteit.

| Respons | Persentasie |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 0% |
| 2. Stem nie saam nie | 13% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 13% |
| 4. Stem saam | 60% |
| 5. Stem volkome saam | 13% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B1**

60% van die deelnemers het saamgestem met die stelling, terwyl 13% volkome saamgestem het. 13% het nie saamgestem nie terwyl 13% aangedui het dat hulle nie bewus was van enige probleem in die verband nie.

Die respons van die respondente toon aan dat daar tot 'n groot mate ooreenstemming is en dat die ervaring was dat die Universiteitsraad 'n gebrek aan erkenning getoon het ten opsigte van die rol wat die IF moes speel by die PUK. 73% het hiermee

saamgestem terwyl 13% volkome daarmee saamgestem het, wat beteken dat 73% van die respondente die geïdentifiseerde probleem erken. Hierdie vraag het getoets en bewys gelewer dat respondente ook van mening was dat die IF nie ernstig opgeneem is nie en gevolglik in 'n vakuum geopereer het.

**Probleem B2: Die bestaan van die IF as raadplegende instelling is nie in amptelike dokumentasie van die universiteit (gedurende 1999-2003) aangedui nie.**

Die doel van hierdie vraag was om te bepaal of die respondente saamstem dat daar nie in amptelike dokumentasie van die Universiteit (behalwe die Statuut van die PU vir CHO) na die IF verwys is nie. Daar is ook nie melding van die bestaansreg van die IF in die jaarboek en webblaaie van die PU vir CHO gemaak nie.

| **Respons** | **Persentasie** |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 7% |
| 2. Stem nie saam nie | 20% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 27% |
| 4. Stem saam | 33% |
| 5. Stem volkome saam | 13% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B2**

33% van die respondente het saamgestem met die stelling terwyl 13% volkome saamgestem het. Dit verteenwoordig 'n positiewe respons van 46%. 27% van die respondente het nie met die stelling saamgestem nie en indien die 27% wat onseker was nie in ag geneem sou word nie, beteken dat die stelling as waar aangeneem kan word. Die verwagting was dat daar 'n meer positiewe respons sou wees. Dit mag egter wees dat die respondente nie oor die nodige kennis beskik het oor die aangeleentheid nie en nie soos die navorser vooraf 'n deeglike studie oor die aangeleentheid gemaak het nie. Die oop vrae in die vraelys het ook geen lig op die saak gewerp nie.

**Probleem B3: Volgens die mandaat van die IF soos gestipuleer in die Wet op Hoër Onderwys, kon die liggaam nie volgehoue kwalitatiewe bydrae lewer tot besluitnemingsprosesse nie.**

Met hierdie vraag wou die navorser bepaal of respondente van mening was dat die IF volgens sy mandaat, soos gestipuleer in die Wet op Hoër Onderwys, 'n volgehoue kwalitatiewe bydrae kon lewer tot besluitnemingsprosesse van die Universiteit.

| Respons | Persentasie |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 0% |
| 2. Stem nie saam nie | 27% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 20% |
| 4. Stem saam | 40% |
| 5. Stem volkome saam | 7% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B3**

47% van die respondente het saamgestem dat die IF volgens sy mandaat, soos in die Wet op Hoër Onderwys vervat, nie 'n kwalitatiewe bydrae tot besluitnemingsprosesse gelewer het nie. 27% het nie saamgestem nie terwyl 20% neutraal was. Dit is duidelik dat hier wel 'n probleem ondervind was. Dit beteken dat daar 'n sterk gevoel onder die respondente was dat die IF nie 'n kwaliteit bydrae tot besluitneming gelewer het nie.

**Probleem 4: Apatie het onder lede van die forum voorgekom wat daartoe gelei het dat hulle nie gemotiveerd genoeg aan vergaderings kon deelneem nie.**

Die doel van die vraag was om te bepaal of die lede ook apatie ervaar het wat voortgespruit het uit die swak bywoning van vergaderings, onvoorbereidheid van lede en die ontbreking van voldoende kennis vir die sake van bespreking.

| Respons | Persentasie |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 0% |
| 2. Stem nie saam nie | 27% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 0% |
| 4. Stem saam | 60% |
| 5. Stem volkome saam | 13% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B4**

60% van die respondente het saamgestem en 13% het volkome saamgestem. Dit beteken dat 73% van die respondente van mening was dat hulle nie gemotiveerd was om aan aksies van die forum deel te neem nie en dat hulle in der waarheid apaties teenoor die forum gestaan het. Dit bevestig dus die navorsing en gepaardgaande bevindinge van die navorser.

**Probleem 5: Die besluitnemingsperiode vir die IF was baie beperk deurdat die liggaam gewoonlik op kort kennisgewing versoek is om advies oor 'n bepaalde aangeleentheid te lewer.**

Met hierdie stelling wou die navorser bepaal of lede van die forum ook ervaar het dat die instelling op kort kennisgewing versoek is om oor belangrike aangeleenthede advies te lewer soos onder andere by die aanstelling van senior bestuur.

| Respons | Persentasie |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 7% |
| 2. Stem nie saam nie | 0% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 7% |
| 4. Stem saam | 67% |
| 5. Stem volkome saam | 20% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B5**

87% van die respondente het saamgestem dat probleme op hierdie vlak ervaar is. 7% het nie saamgestem nie terwyl nog 7% neutraal was. Dit beklemtoon dat lede van mening was dat hul advies gewoonlik op kort kennisgewing versoek is en bevestig ook die observasie wat deur die navorser gemaak is. Hierdie toedrag van sake het ook daartoe aanleiding gegee dat die forum in der waarheid 'n marginale rol gespeel het in die besluitnemingsprosesse aan die PUK.

**Probleem 6: Omdat die IF geen permanente administratiewe personeel gehad het nie, het dit aanleiding gegee tot die miskenning van 'n administratiewe onderbou waarop die liggaam kon steun.**

Hierdie vraag wou toets of die ontbreking van permanente administratiewe personeel vir die IF bygedra het daartoe dat die IF nie ten volle kon funksioneer nie.

| **Respons** | **Persentasie** |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 7% |
| 2. Stem nie saam nie | 13% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 0% |
| 4. Stem saam | 60% |
| 5. Stem volkome saam | 20% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B6**

60% van die lede het saamgestem en 'n verdere 20% het volkome saamgestem. Dit dui daarop dat 80% van die respondente hierdie as 'n leemte in die funksionering van die forum beskou het. Sonder 'n sterk administratiewe basis is dit moeilik vir 'n instelling om effektief te funksioneer en die afleiding kan gemaak word dat die forum nie tot sy volle potensiaal kon ontwikkel nie.

**Probleem 7: Omdat die voorsitter van die IF grotendeels sy verpligtinge as personeellid bó die van die Forum moes plaas, is die Forum nie tot sy volle mandaat bestuur nie.**

Hierdie vraag wou toets of die rol van die voorsitter bygedra het tot die effektiewe funksionering van die Forum, en of omstandighede buite sy beheer hom verhinder het om tot sy volle potensiaal te funksioneer.

| **Respons** | **Persentasie** |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 13% |
| 2. Stem nie saam nie | 20% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 13% |
| 4. Stem saam | 40% |
| 5. Stem volkome saam | 13% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B7**

53% het saamgestem met hierdie stelling terwyl 13% neutraal was. 20% het nie saamgestem nie terwyl 'n verdere 13% glad nie saamgestem het nie. Die statistiek dui daarop dat die observasie van die navorser tot 'n mate korrek was. Tog blyk dit dat 'n groot deel van die respondente nie saamgestem het nie of onseker was. Daar is dus nie onomwonde bewys dat die stelling sonder kwalifisering as waar beskou kan word nie.

**Probleem B8: Die forum se rol was afgeskaal ten opsigte van monitering van menseregte binne die instelling.**

Hierdie vraag wou toets of die ontwikkeling van 'n Menseregtekommissie binne die Universiteit daartoe bygedra het dat die Forum se rol ten opsigte van die monitering van menseregte afgeskaal en/of onderontwikkel was.

| Respons | Persentasie |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 7% |
| 2. Stem nie saam nie | 7% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 27% |
| 4. Stem saam | 33% |
| 5. Stem volkome saam | 20% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B8**

53% het saamgestem dat die forum nie tot sy volle potensiaal aangewend is om hierdie saak te hanteer nie. 27% respondente was neutraal. 7% het nie saamgestem nie terwyl 'n verdere 7% glad nie saamgestem het nie. Dit dui daarop dat respondente ervaar het dat die Forum se rol ten opsigte van monitering van menseregte onderontwikkeld was.

**Probleem 9: Die IF was nie soos ander taakspanne binne die Universiteit aktief deel van die samesmeltingsproses wat tot die ontstaan van die Noordwes-Universiteit in 2004 gelei het nie.**

Hierdie vraag wou toets of die respondente ervaar het dat die IF onbetrokke was tydens die samesmeltingsproses met UNIBO, en hierdeur opsy geskuif is tydens die onderhandelingsproses.

| Respons | Persentasie |
|---|---|
| 1. Stem glad nie saam nie | 0% |
| 2. Stem nie saam nie | 20% |
| 3. Nie bewus van enige probleem nie | 33% |
| 4. Stem saam | 27% |
| 5. Stem volkome saam | 20% |

**Interpretasie van die resultate van probleem B9**

47% van die respondente het saamgestem, met 33% wat neutraal was. 20% het nie saamgestem nie. Die resultate dui daarop dat die meerderheid respondente wel van mening was dat die IF nie aktief genoeg deel was van die samesmeltingsproses wat tot die ontstaan van die NWU in 2004 gelei het nie. Die 33% respondente wat aangedui het dat hul onseker was, wek kommer. Hierdie persentasie is baie hoog en sou die respondente wel 'n keuse gemaak het, kon die resultaat anders gewees het. Die navorser kon gevolglik nie tot 'n bevinding kom nie. Tog moet die 47% positiewe reaksie nie geïgnoreer word nie.

### 4.7.3 BREë GEVOLGTREKKING

Ten einde die hipotese globaal te toets is die response van nege vrae saamgevoeg en kon daar bepaal word hoe die respondente die algehele funksionaliteit van die forum ervaar het. Samevattend dui die gemiddeld van die statistiek op die volgende:

| **Keuse** | **Persentasie** |
|---|---|
| Stem glad nie saam nie | 5% |
| Stem nie saam nie | 16% |
| Nie bewus van enige probleem nie | 16% |
| Stem saam | 47% |
| Stem volkome saam | 16% |

5% van die respondente het glad nie saamgestem met die stelling dat die Forum nie aan die verwagtinge voldoen het nie. Dit verteenwoordig 'n klein getal, maar saamgevoeg met die 16% wat nie saamgestem het nie, bring dit die totale respons tot 21% te staan. 16% van die respondente was neutraal of "nie bewus van enige probleem nie". 47% van die respondente het met die geïdentifiseerde probleme saamgestem, met 'n verdere 16% wat volkome saamgestem het. 63% respondente was daarom van mening dat die forum nie 'n kwaliteitbydrae tot transformasie gelewer het nie en nie tot sy volle potensiaal gefunksioneer het nie.

Dit blyk uit die studie dat die hipotese waar is, naamlik:

*Die institusionele forum aan die PU vir CHO het in die tydperk 1999 tot 2003 nie ingevolge die Wet op Hoër Onderwys tot sy volle potensiaal gefunksioneer nie en nie 'n substantiewe bydrae tot transformasie gemaak nie.*

Tog moet genoem word dat die navorser 'n hoër persentasie as 63% verwag het.

Die respondente het ook die geleentheid gehad om hul siening te kwalifiseer aan die hand van oop vrae. Stellings wat deur hulle gemaak is word vervolgens samevattend en kripties verskaf.

### 4.7.4 AFDELING C: PROBLEME WAT DEUR DIE RESPONDENTE GEÏDENTIFISEER IS

Hierdie afdeling het aan die respondente geleentheid verskaf om enige ander belangrike probleme te lys wat nie in die vraelys vermeld is nie. Hierdie probleme word slegs gelys en nie deur die navorser bespreek nie:

- Daar was 'n gebrekkige begrip rondom die belangrikheid en funksies van die IF deur die Universiteitsbestuur en personeel.
- Die sterk klem op bestuur ontmoedig deelname aan konsulterende liggame.
- Die IF is nie krediet gegee vir insette gelewer nie en is as gevolg hiervan misken.
- Daar is nie voldoende belangrikheid gekoppel aan lidmaatskap van die IF, soos byvoorbeeld dié van die Raad of senaat nie.
- Dit is moeilik om klasse en periodes op te offer vir die IF, wat net as adviserende liggaam funksioneer en nie veel invloed dra na die senaat en Raad nie.
- Die IF is gesien as 'n rubberstempel van die Universiteitsraad.
- Die IF is misken as 'n besluitnemings- en moniteringsliggaam in die transformasie van die Universiteit.
- Die IF is nooit ernstig opgeneem nie.
- Die IF het nie as geheel saamgewerk nie. Die verskillende belangegroepe het elk hul eie belange op die hart gedra, wat effektiewe besluitneming en funksionering beïnvloed het.

Voorvermelde probleme wat deur die respondente gelys is, bevestig persepsies van oudlede dat die IF nie tot sy volle potensiaal gefunksioneer het nie.

## 4.8 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gehandel oor die studie wat onderneem is en het die redes vir die keuse van die metodologie verduidelik. Die manier waarop die studie onderneem is, is ook verduidelik. Ander belangrike areas soos die navorsingsontwerp, metodologie, vraelyste, populasiesteekproef, data-insameling en data-analisering is breedvoerig in die hoofstuk bespreek (4.2 & 4.3).

Probleme is deur die navorser geïdentifiseer deur middel van observasie en die bywoon van vergaderings van die IF (4.4).

'n Vraelys en onderhoude is gebruik as instrumente om data te versamel by die respondente. Die bespreking in hierdie hoofstuk is afgesluit met die resultate van die data-insameling (4.7). Die tabelle versinnebeeld die responsverwante persentasie met betrekking tot die verskillende geïdentifiseerde probleme.

In hoofstuk 5 word 'n opsomming verskaf van hierdie navorsing. Daar word ook 'n samevatting van die literatuur en empiriese studie aangebied, sowel as aanbevelings om die probleem op te los.

# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied 'n samevatting van die studie rakende 'n kritiese evaluering van die werksaamhede van die Institusionele Forum aan die PU vir CHO. Bevindinge van die empiriese studie word ook hierin aangedui. 'n Refleksie op die bevindinge word gegee, asook aanbevelings oor hoe die IF effektief kan funksioneer binne die instelling.

## 5.2 OPSOMMING VAN DIE STUDIE

Hoofstuk een het gedien as oriëntasie tot die studie en het in breë trekke die probleemstelling uitgespel. Die hipotese en metode van ondersoek is uitgespel en die werksuiteensetting is aangedui. Die doelstellings vir die studie is ook in hierdie hoofstuk aangedui.

Hoofstuk twee het gehandel oor transformasie van die hoëronderwyssektor. 'n Teoretiese onderbou van die terme transformasie en verandering binne die hoëronderwyssektor is verskaf. Dit het bygedra tot 'n beter begrip van wat met transformasie van die hoëronderwyssektor bedoel word. 'n Uiteensetting van die geskiedenis van onderwys en hoër onderwys in Suid-Afrika is verstrek (vanaf die apartheidsregering tot die huidige demokratiese bestel) om die proses te illustreer en te verduidelik hoe hierdie geskiedkundige gebeure inpas by die huidige transformasie proses van hoër onderwys. Die rol en impak van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys is breedvoerig bespreek. Die Kommissie is in Februarie 1995 deur 'n presidensiële proklamasie tot stand gebring met die opdrag om transformasie van die hoër onderwys in Suid-Afrika te ondersoek en onder andere te adviseer oor die onmiddellike en langtermyn- nasionale doelwitte van hoër onderwys. Hoër onderwys kan definitief daartoe bydra om die ekonomie van Suid-Afrika in die toekoms te verbeter, met die gevolglike beter gekwalifiseerde mannekrag wat afgelewer sal word.

Hoofstuk drie het hoofsaaklik gehandel oor die wetgewing wat die hoëronderwyssektor tydens die periode 1999 tot 2003 gereguleer het. Wetgewing het 'n beduidende rol in die herstrukturering en transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika gespeel. Wetgewing en beleid kan beskou word as die belangrikste uitspraak van die regering waarmee onder meer die prioriteite van die regering gemeet kan word.

Die stigting en vestiging van die IF aan die PU vir CHO is ook in hierdie hoofstuk bestudeer omdat die instelling van forums deur wetgewing vereis is. Institusionele forums is adviserende liggame wat die raad en bestuur van hoëronderwysinstellings moes adviseer oor sake soos gestipuleer *in die Wet op Hoër Onderwys van 1997*, artikel 31(1)(2)(3). Institusionele forums is in die lewe geroep met die doel om waarde aan die proses van verandering by hoëronderwysinstellings teweeg te bring deurdat 'n beginsel van samewerkende beheer en bestuur voortaan gevolg moes word.

Hoofstuk twee en drie het gekonsentreer op die eerste twee doelwitte van die studie, naamlik om duidelikheid te kry oor:

- wat transformasie in die hoëronderwyssektor behels het; en
- wat presies die Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997) bepaal het oor die rol wat institusionele forums moes speel in transformasie van die hoëronderwyssektor voor 2003 en hoe dit aan die PU vir CHO geïnterpreteer is.

Hoofstuk vier het gehandel oor die probleme wat die IF aan die PU vir CHO in sy rol en werksaamhede ondervind het. Spesifieke probleme is deur die navorser geïdentifiseer. Die logika onderliggend aan die empiriese ondersoek wat gedurende die studie onderneem is, is hier bespreek. Vraelyste en onderhoude vorm die basis van die bespreking. Die vraelys as 'n basiese navorsingsmeganisme is verduidelik. Tydens die bespreking van bevindinge van die empiriese navorsing is aandag geskenk aan:

- probleme wat die IF ondervind het in sy rol en werksaamhede aan die PU vir CHO (doelwit drie van die studie); en
- enige ander probleme wat die respondente geïdentifiseer het tydens voltooiing van die vraelyste (doelwit drie van die studie).

Hoofstuk vyf som die studie op en bespreek die resultate van die empiriese studie. Deur die interpretering van die resultate kan die hipotese getoets en as waar of vals bevind word.

## 5.3 SAMEVATTING

Ter samevatting sal aangedui word of die doelwitte van die studie bereik is en of die hipotese wat in hoofstuk een geformuleer is, reg of verkeerd bewys kan word. 'n Analise van die doelwitte sal ook gemaak word om aan te dui of die studie suksesvol onderneem is.

**Doelwit een** was om 'n antwoord te verskaf op die vraag: *Wat is transformasie in die hoëronderwyssektor?*

Hierdie doelwit is bereik deurdat 'n analise gemaak is van wat transformasie in die Suid-Afrikaanse onderwys en spesifiek hoër onderwys behels het (hoofstuk 2). Die geskiedenis van Suid-Afrikaanse hoër onderwys is verder uiteengesit in hoofstuk 2.

**Doelwit twee** was om 'n antwoord te verskaf op die vraag: *Wat het die Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997) presies bepaal oor die rol wat IF's moes speel in transformasie in die hoëronderwyssektor voor 2003 en hoe is dit geïnterpreteer aan die PU vir CHO?*

Hierdie doelwit is bereik deurdat in hoofstuk 3 gekyk is na die wetgewing wat die hoëronderwyssektor vir die periode 1999 tot 2003 gedryf het. Die stigting, vestiging en rol van die IF aan die PU vir CHO is ook in hierdie hoofstuk bestudeer.

**Doelwit drie** was om 'n antwoord te verskaf op die vraag: *Het die institusionele forum aan die PU vir CHO in sy doel geslaag om transformasie aan te moedig gedurende die tydperk 1999 tot 2003?*

Afdeling B van die vraelys is op hierdie doelwit gerig. Nege vrae is aan respondente gevra ten einde antwoorde op hierdie vraag te kry. Die resultate was soos volg:

1. Die Universiteitsraad het 'n gebrek aan erkenning getoon ten opsigte van die rol wat die IF moes speel by die PUK. 73% van die respondente het aangedui dat hulle met die probleem saamstem.
2. Probleem 2: Die bestaan van die IF as raadplegende instelling is nie in amptelike dokumentasie van die Universiteit (gedurende 1999-2003) aangedui nie. 46% van die respondente het met die probleem saamgestem.
3. Volgens die mandaat van die IF, soos gestipuleer in die Wet op Hoër Onderwys, kon die liggaam nie 'n volgehoue kwalitatiewe bydrae lewer tot besluitnemingsprosesse nie. 47% van die respondente het met hierdie probleem saamgestem.
4. Apatie het onder lede van die Forum voorgekom wat daartoe gelei het dat hulle nie gemotiveerd aan vergaderings kon deelneem nie. 73% van die respondente het met die probleem saamgestem.
5. Die besluitnemingsperiode vir die IF was baie beperk deurdat die liggaam gewoonlik op kort kennisgewing versoek is om advies oor 'n bepaalde aangeleentheid te lewer. 87% van die respondente het met die probleem saamgestem.
6. Die feit dat die IF geen permanente administratiewe personeel gehad het nie, het aanleiding gegee tot die miskenning van 'n administratiewe onderbou waarop die liggaam kon steun. 80% van die respondente het met die probleem saamgestem.
7. Omdat die voorsitter van die IF grotendeels sy verpligtinge as personeellid bó die van die forum moes plaas, is die forum nie tot sy volle mandaat bestuur nie. 53% van die respondente het met die probleem saamgestem.
8. Die forum se rol ten opsigte van monitering van menseregte binne die instelling was onderontwikkeld. 53% van die respondente het met die probleem saamgestem.
9. Die IF was nie soos ander taakspanne binne die Universiteit aktief deel van die samesmeltingsproses wat tot die ontstaan van die Noordwes-Universiteit in 2004 gelei het nie. 47% van die respondente het met die probleem saamgestem.

Die resultate van die vrae 1-9 dui 'n positiewe respons aan, wat 'n aanduiding is dat die forum nie tot sy volle potensiaal gefunksioneer het nie, soos geobserveer deur die navorser. 63% respondente het hiermee saamgestem.

## 5.4 TOETS VAN DIE ALGEMENE HIPOTESE

Die algemene hipotese is soos volg geformuleer:

*Die Institusionele Forum aan die PU vir CHO het in die tydperk 1999 tot 2003 nie ingevolge die Wet op Hoër Onderwys tot sy volle potensiaal gefunksioneer nie en nie 'n substantiewe bydrae tot transformasie gemaak nie.*

Die statistiek verkry deur die empiriese studie het bewys dat die hipotese waar is en dat die Institusionele Forum aan die PU vir CHO in die tydperk 1999 tot 2003 nie ingevolge die Wet op Hoër Onderwys tot sy volle potensiaal gefunksioneer het nie en gevolglik nie 'n substantiewe bydrae tot transformasie gemaak het nie.

## 5.5 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings wat gemaak word, word gebaseer op die bevindinge van die empiriese studie. Die aanbevelings word gemaak ten einde die funksionele bydrae van die forum binne die instelling te verbeter.

Die empiriese studie het duidelik aangedui dat die IF nie tot sy volle potensiaal gefunksioneer het nie. Ten einde die IF in die toekoms voldoende te laat funksioneer moet die adviserende liggaam genoegsame erkenning van die Universiteitsraad en -bestuur ontvang om sy rol te kan volvoer. Die IF moet onder andere versoek word om te adviseer oor alle aangeleenthede soos vervat in artikel 31(1)(2)(3) van die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Tans word die IF slegs gevra om advies op kort kennisgewing te lewer rakende die aanstelling van senior bestuursposisies. In die toekoms moet tydskale deeglik beplan word ten einde aan die IF genoegsame tyd te verskaf om oor sulke belangrike aangeleenthede deeglik te kan besin.

Die IF moet as raadplegende instelling in belangrike dokumentasie van die universiteit opgeneem word. Die webblad van die universiteit moet 'n skakel hê waar gebruikers die werksaamhede van die forum sonder moeite kan naspeur.

Verkose lede tot die forum moet onthou dat hulle nie eie belange nie, maar wel dié van hul belangegroepe verteenwoordig. Lede moet goed ingelig wees oor die Universiteitsmilieu en aangeleenthede binne die instelling. Lede moet gereeld vergaderings bywoon, sake op die agenda deeglik voorberei ten einde sinvol hieraan te kan deelneem. Lede moet ook gereeld met hul belangegroep konsulteer om advies in te win oor enige belangrike aangeleentheid.

Die voorsitter van die forum speel 'n belangrike rol in die funksionering van die liggaam. Die voorsitter moet 'n persoon wees met goeie kennis van die Universiteit en iemand wat die instelling se belange op die hart dra en werk daarvan sal maak om transformasie te laat geskied. Die voorsitterspos moet deel van die verkose persoon se werksooreenkoms gemaak word sodat hy/sy werksverpligtinge en prioriteite van die forum op gelyke skaal aandag sal kan gee. 'n Goeie administratiewe onderbou moet aan die voorsitter en lede van die forum verskaf word ten einde prosesse goed te laat funksioneer.

Die IF moet in die toekoms voortgaan om menseregte binne die instelling te moniteer. Dit sal bydra dat die volgende sake bevorder word, naamlik beleid rakende ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, mediasie en dispuutoplossingsprosedures, die aanmoediging en uitbouing van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte bevorder en 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en studie skep.

Die waarde van die IF lê binne sy samestelling wat belanghebbendes van alle groepe binne die Universiteit verteenwoordig/insluit. Die IF kan deur middel van konsultasie met alle rolspelers binne die Universiteit 'n goeie bydrae lewer tot die vestiging van 'n nuwe institusionele kultuur vir die nuwe Universiteit met sy drie kampusse.

Laastens moet die instelling dit oorweeg om 'n diversiteitsbestuurder aan te stel wat hand aan hand met die IF kan werk. Hierdie persoon moet help met die bestuur van diversiteit deur onder andere transformasie te lei en te moniteer. Menseregtekwessies soos onder andere taal en godsdiens moet versigtig op kampusse gemoniteer word.

Die diversiteitsbestuurder moet 'n gerespekteerde persoon wees met invloed op studentelewe, personeelontwikkeling en bestuursaangeleenthede. Die bestuurder moet

*ex officio* lid van die IF wees ten einde hier inspraak te kan maak en ook 'n belangrike bydrae tot transformasie en verandering binne die instelling te kan lewer.

# 6. BIBLIOGRAFIE

**AFRICAN NATIONAL CONGRESS.** 1995. A Policy Framework for Education and Training. Manzini Swaziland : Macmillan Boleswa Publishers (Pty) Ltd. 135p.

**BIRD, J.** 1996. Black Students and Higher Education : Rhetorics and Realities. Buckingham : The Society for Research into Higher Education & Open University Press. 132p.

**BITZR, E. M. & BEZUIDENHOUT, S. M.** 2001. Problematiek rondom die begrip transformasie in hoër onderwys in Suid-Afrika. *Tydskrif vir geesteswetenskappe* 41(1):33-40, Maart.

**BOLSMANN, C & UYS, T.** 2001. Pre-empting the challenges of transformation and marketisation of higher education : a case study of the Rand Afrikaans University. *Society in Transition*, 32(2) : 173-185.

**BLUNT, R. J. S. & CUNNINGHAM, P. W.** 2002. Theoretical underpinnings of transformation : a case study. *South African journal of Higher Education*, 16(3) : 127-138.

**BRYNARD, P. A. & HANEKOM, S. X.** 1997. Introduction to research in Public Administration and related academic disciplines. Pretoria : Van Schaik. 76p.

**BUNTING, I.** 1994. A Legacy of Inequality: Higher Education in South Africa. Cape Town : UCT press (Pty) Ltd. 262p.

**CENTRE FOR HIGHER EDUCATIONAL TRANSFORMATION (CHET).** 2000. Leadership and Institutional change in Higher Education. Pretoria : CHET.136p.

**CENTRE FOR HIGHER EDUCATIONAL TRANSFORMATION (CHET).**1999. Leadership and Institutional Change in Higher Education. Pretoria : CHET. 135p.

**COUNCIL ON HIGHER EDUCATION.** 2000. Thinking about the South African Higher Education Institutional Landscape. Pretoria : CHE.166p.

**CUSHNER, K. McCLELLAND, A. & SAFFORD, P.** 1992. Human Diversity in Education : an integrative approach. New York : McGraw-Hill Inc. 358p.

**EKSTEEN, L.C.** 1997. Groot Woordeboek, 14de Uitgawe. Kaapstad : Pharos. 1493p.

**FOX, W & MEYER, I.H.** 1995. Public Administration Dictionary. Stellenbosch : Juta & Co Ltd. 141p.

**FOURIE, M.** 1996. Institutional governance of Higher Education in transition: A South African perspective. Bloemfontein : University of the Free State. (Dissertation – Ph.D). 326p.

**GREEN PAPER ON HIGHER EDUCATION TRANSFORMATION.** 1996. Pretoria : Department of Education. 77p.

**HARTSHORNE, K.** 1999. The making of Education Policy in South Africa. New York : Oxford University Press.134p.

**HARVEY, L. & KNIGHT, P.T.** 1996. Transforming Higher Education. Buckingham : The Society for Research into Higher Education & Open University Press. 206p.

**HIGHER EDUCATION LECTURE SERIES.** 2000. Pretoria : Ministry of Education. 49p.

**HUMAN, P.** 1998. Yenza: A blueprint for transformation. Cape Town : Oxford University Press Southern Africa. 214p.

**HYSLOP, J.** 1999. The classroom struggle: Policy and Resistance in South Africa 1940-1990. Pietermaritzburg : University of Natal Press. 189p.

**JOHNSON, B.** 2000. Co-operative governance? A case study of the Braod Transformation Forum at the University of the Western Cape, *Perspectives in education*, 18(3):72-88, Nov.

**KALLAWAY, P., KRUSS, G., DONN. G. & FATAAR. A.** 1997. Education after Apartheid: South African Education in Transition. Rondebosch : UCT Press (Pty) Ltd. 206p.

**KRAAK, A.(red).** 2000. Changing Modes: New knowledge production and its implications for Higher Education in South Africa. Pretoria : Human Sciences Research Council. 189p.

**LEEDY, P. D. & ORMROD. J. E.** 1997. Practical research. Planning and design. Upper Saddle River, New Jersey : Merril Prentice Hall. 318p.

**LOUW, G. & VERWEY, S.** 1999. The South African new educational environment : Turbulent change in tertiary institutions. *Communicare,* 19(1) :78-94. May

**METCALFE, M.** 1997. Against all odds: Education in South Africa. Trentham Books Limited : London. 36p.

**MINISTRY OF EDUCATION.** Higher Education Lecture Series. 2000. Pretoria : Sol Plaatjie House.

**MOTALA, S & TIKLY, L.** 1993. Towards transitional governance : Policy and Conflict in South African Education and Tranining. University of the Witwatersrand : Education Policy Unit. 37p.

**MOTALA, E & PAMPALLIS, J.** 2001. Education and Equity: The impact of State Policies on South African Education. Sandown : Heinemann Publishers (Pty) Ltd. 237p.

**MOUTON, J.** 1996. Understanding social research. Pretoria : Van Schaik. 272p.

**MAHARASOA, M, STRYDOM, A.H. & VAN DER WESTHUIZEN, L.J.** 2002. The way forward through Cooperative Programmes: Research and Development Perspectives. Bloemfontein : University of the Free State. 381p.

**NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION.** 1996. A framework for transformation of Higher Education in South Africa. National Stakeholder Meeting: Report. Inner City Mission : Salty Print. 161p.

**NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION.** 1996. A framework for transformation: Report. Parow : CTP Book Printers, Caxton Street. 415p.

**NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION DISCUSSION DOCUMENT.** 1996. A framework for transformation. Pretoria. 163p.

**NCAYIYANA, D & HAYWARD, F.M.** 1999. Effective governance: a guide for council members of universities and technikons. Pretoria : Centre for Higher Education Transformation (CHET). 84p.

**NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION.** 1992. Post-Secondary Education. Cape Town : Oxford University Press Southern Africa. 136p.

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (RSA).** 1997b. Witskrif op Hoër Onderwys. Nasionale Department van Onderwys. Staatsdrukker : Pretoria

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (RSA).** 1998. Statuut van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Nasionale Departement van Onderwys. Staatskoerant. September 9. 168p.

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (RSA).** 1997. Wet op Hoër Onderwys (No. 101 van 1997). Nasionale Departement van Onderwys. Staatskoerant (390) 18515: 2-57. 19 Desember.

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA (RSA).** 2001. National Plan for Higher Education. Ministry of Education. Pretoria. 97p.

**SAUVCA/UNESCO Workshop.** 1997. Critical issues in South Afican Higher Education Reform. Pretoria : SAUVCA Publications Series 97/1. 84p.

**SEKOANE, O. G.** 2001. A process analysis of institutional transformation at the PU for CHE (1993 – 1999). Potchefstroom : PU vir CHO. (Dissertation – M. A.) 164p.

**SKELTON, T & ALLEN, T.** 1999. Culture and Global Change. London and New York : Routledge. 322p.

**SONN, F (edt).** 1994. DSA in depth: reconstructing Education. Epping : Creda Press (Pty) Ltd. 72p.

**SPENCER. J. M.D.** 1998. Who moved my cheese? London : Vermillion. 95p.

**SUMBULU. A & BOSWELL, G.** 2003. Rapid change in a South African Tertiary institution: implications for occupational social work. *Social work education*, 22(5):507-516.

**TAYLOR, C.A.** 1992. Tertiary Education in a changing South Africa : Papers presented at the University of Port Elizabeth on 10 and 11 April 1992 and jointly organized by the University of Port Elizabeth and the National Education Coordinating Committee. Port Elizabeth : University of Port Elizabeth. 106p.

**UNESCO.** 1995. Policy Paper for Change and Development in Higher Education. Paris : Printed in the workshops of UNESCO. 43p. (378 UNE)

**VILJOEN, J. P. & ROTHMANN, S.** 2001. Personnel of a tertiary institution's experiences of organizational transformation. (Poster presented at the 10th European Congress on Work and Organisational Psychology.) Prague, Czech Republic, 12p. (Gepubliseer.)

**WAGHID, Y.** 2001. Transforming university teaching and learning through a reflexive praxis. *South African Journal of Higher Education*, 15(1): 77-83.

**WAGHID, Y.** 2002. Knowledge production and higher education transformation in South Africa: Towards reflexivity in university teaching, research and community service. *Higher Education*, 43: 457-488. Netherlands: Kluver Academic Publishers.

**WALFORD, G.** 1987. Restructuring Universities: Politics and Power in the Management of Change. New South Wales : Croom Helm Ltd. 197p.

**WATTS, A.G.** 1972. Diversity and choice in higher education. London and Boston : Routledge and Kegan Paul. 268p.

**WHITE, L.D. & ADAMS, G.B.** 1994. Research in Public Administration: Reflections on Theory and Practice. California : Sage Publications Inc. 280p.

**AMPTELIKE DOKUMENTASIE VAN DIE PU VIR CHO**

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.** Institusionele Forum (IF). 1999a. Notule van 'n vergadering gehou op 28 Julie 1999. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.** Institusionele Forum (IF). 1999b. Notule van 'n vergadering gehou op 11 Augustus 1999. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.** Institusionele Forum (IF). 1999c. Notule van 'n vergadering gehou op 24 Augustus 1999. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 1999d. Notule van 'n vergadering gehou op 20 Oktober 1999. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2000a. Notule van 'n vergadering gehou op 15 Maart 2000. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2000b. Notule van 'n buitengewone vergadering gehou op 31 Maart 2000. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2000c. Notule van 'n vergadering gehou op 24 Mei 2000. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2000d. Notule van 'n vergadering gehou op 23 Augustus 2000. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2000e. Notule van 'n vergadering gehou op 25 Oktober 2000. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2001a. Notule van 'n vergadering gehou op 28 Maart 2001. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2001b. Notule van 'n vergadering gehou op 30 Mei 2001. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2001c. Notule van 'n vergadering gehou op 6 Junie 2001. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2001d. Notule van 'n vergadering gehou op 22 Augustus 2001. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2001e. Notule van 'n vergadering gehou op 24 Oktober 2001. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2002a. Notule van 'n vergadering gehou op 29 Mei 2002. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2002b. Notule van 'n vergadering gehou op 7 Augustus 2002. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2002c. Notule van 'n buitengewone vergadering gehou op 22 Augustus 2002. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2002d. Notule van 'n vergadering gehou op 18 September 2002. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2002e. Notule van 'n vergadering gehou op 30 Oktober 2002. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2003a. Notule van 'n vergadering gehou op 26 Februarie 2003. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2003b. Notule van 'n vergadering gehou op 28 Mei 2003. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2003c. Notule van 'n vergadering gehou op 6 Augustus 2003. Potchefstroom.

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**. Institusionele Forum (IF). 2003d. Notule van 'n vergadering gehou op 22 Oktober 2003. Potchefstroom.

**Bylaag A**

**Aan: Respondente**

**Vraelys**

Ek is M. Diedericks, 'n nagraadse student in die Ontwikkeling- en Bestuursprogram (MPG) by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Ek doen 'n studie oor die effektiewe funksionering van die Institusionele Forum in substantiewe transformasie van die hoëronderwyssektor: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) gedurende die tydperk 1999-2003.

U is willekeurig geselekteer onder oudlede wat gedurende 1999 tot 2003 in die Institusionele Forum van die PU vir CHO gedien het. U eerlike en opregte antwoorde ten opsigte van die vraelys sal daartoe bydra om die effektiewe funksionering van die Institusionele Forum aan die PU vir CHO te assesseer.

Inligting rakende u identiteit word uitgelaat ten einde konfidensialiteit te verseker.

U samewerking word hoogs waardeer.

**Navorser: M. Diedericks (M.A. in Ontwikkeling en Bestuur) Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

**Vraelys: Effektiewe funksionering van die Institusionele Forum in substantiewe transformasie van die hoëronderwyssektor: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) vir die tydperk 1999-2003**

**Hierdie vraelys moet deur oudlede van die Institusionele Forum van die voormalige PU vir CHO voltooi word.**

## AFDELING A: BIOGRAFIESE INLIGTING

Dui asb. u voorkeur aan deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

1. Is u manlik of vroulik?

| | |
|---|---|
| Manlik | |
| Vroulik | |

2. Aantal jare wat u in die forum gedien het?

| | |
|---|---|
| 1 – 3 jaar | |
| 3 – 5 jaar | |
| 5 of meer | |

3. Watter belangegroep het u in die forum verteenwoordig?

| | |
|---|---|
| Raad | |
| Bestuurskomitee | |
| Senaat | |
| Akademiese Personeel | |
| Vakbonde | |
| Ondersteuningspersoneel (Potchefstroomkampus) | |
| Ondersteuningspersoneel (Vaaldriehoekkampus) | |
| Studente – Potchefstroom | |
| Studente – Vaaldriehoek | |
| Plaaslike Regering (Potch) | |
| Plaaslike Regering (Vaaldriehoek) | |
| Konvokasie | |
| Bond van Oud-Pukke | |

**AFDELING B: PROBLEME WAT DIE IF ONDERVIND HET IN SY FUNKSIONERING AAN DIE PU vir CHO**

**Merk (met 'n kruisie in die toepaslike blokkie) om u mening oor die volgende probleme aan te dui:**

**1 = Stem glad nie saam nie**

**2 = Stem nie saam nie**

**3 = Nie bewus van enige probleem nie**

**4 = Stem saam**

**5 = Stem volkome saam**

Probleem 1: Die Universiteitsraad het 'n gebrek aan erkenning getoon ten opsigte van die rol wat die IF moes speel by die PUK.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

Kommentaar:____________________________________________

______________________________________________________

Probleem 2: Die bestaan van die IF as raadplegende instelling is nie in amptelike dokumentasie van die universiteit (gedurende 1999-2003) aangedui nie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

Kommentaar:____________________________________________

______________________________________________________

Probleem 3: Volgens die mandaat van die IF soos gestipuleer in die Wet op Hoër Onderwys, kon die liggaam nie volgehoue kwalitatiewe bydrae lewer tot besluitnemingsprosesse nie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

Kommentaar:____________________________________________

______________________________________________________

Probleem 4: Apatie het onder lede van die forum voorgekom wat daartoe gelei het dat hulle nie gemotiveerd genoeg aan vergaderings kon deelneem nie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

Kommentaar:____________________________________________

______________________________________________________

Probleem 5: Die besluitnemingsperiode vir die IF was baie beperk deurdat die liggaam gewoonlik op kort kennisgewing versoek is om advies oor 'n bepaalde aangeleentheid te lewer.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|

Kommentaar:__________________________________________

__________________________________________________

Probleem 6: Omdat die IF geen permanente administratiewe personeel gehad het nie, het dit aanleiding gegee tot die miskenning van 'n administratiewe onderbou waarop die liggaam kon steun.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|

Kommentaar:__________________________________________

__________________________________________________

Probleem 7: Omdat die voorsitter van die IF grotendeels sy verpligtinge as personeellid bó die van die forum moes plaas, is die forum nie tot sy volle mandaat bestuur nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|

Kommentaar:__________________________________________

__________________________________________________

Probleem 8: Die forum se rol ten opsigte van monitering van menseregte binne die instelling was onder ontwikkeld.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|

Kommentaar:__________________________________________

__________________________________________________

Probleem 9: Die IF was nie soos ander taakspanne binne die Universiteit aktief deel van die samesmeltingsproses wat tot die ontstaan van die Noordwes-Universiteit in 2004 gelei het.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|

Kommentaar:__________________________________________

__________________________________________________

**AFDELING C: MOONTLIKE PROBLEME DEUR U GEÏDENTIFISEER WAT NIE IN VOORGEMELDE PROBLEME VOORGEKOM HET NIE.**

PROBLEEM:__________________________________________________

PROBLEEM:__________________________________________________

PROBLEEM:__________________________________________________

Baie dankie vir u deelname!